# OORSIG

Rasseverhoudinge is 'n moeilike onderwerp met 'n lang geskiedenis. Dit is tans baie aktueel, nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. Daar is al baie oor gepraat en geskryf, wat nóg gesprekke daaroor oorbodig mag laat lyk. Maar reguit standpunte oor rasseverhoudinge raak ook skaarser en al meer 'polities korrek'. In die kerkwêreld vind mens nie maklik 'n geloofsbelydenis wat hierdie onderwerp sy regmatige plek gee nie, en waar dit wel aangespreek word is dit meesal oppervlakkig en misleidend. Gelowiges wat na soliede antwoorde soek is op hulself aangewese.

Hierdie studie gee LEWENSWOORD se oortuigings en standpunte oor rasseverhoudinge. Dit is 'n geloofsbelydenis – nie 'n inskrywing in die politieke, sosiale of wetenskaplike arenas nie.

As agtergrond word die volgende gestel:

- Mense is van nature geneig om groepe en volke te vorm volgens elkeen se eie kultuur, woongebied en ras. Volkereverskeidenheid is inherent aan God se skepping.
- Daar is egter 'n nuwe wêreldorde-agenda wat die teenoorgestelde beoog, naamlik 'n globalistiese, homogene en eenrassige wêreldbevolking.
- 'n Rassevraagstuk het gevolglik ontwikkel, wat gekenmerk word deur rasvermenging, verwarring oor rasse, rassekonflik, geloofstruikeling ensovoorts.

Die volgende basiese werklikhede word gestel as uitgangspunte vir die soeke na antwoorde:

- Verskeie rasse bestaan vandag in die wêreld, en hulle verskil grootliks van mekaar.
- Die mens beskik nie oor feitelike wetenskaplike inligting oor die oorsprong en ontwikkeling van mense en rasse nie. Daar is egter baie teorieë daaroor, gebaseer op artefakte uit die verre verlede, waarneming van bestaande lewensvorms, filosofiese modelle soos ewolusionisme, ens.. Dit dien ongelukkig meestal as argumente ten gunste van ras-eendersheid en rasvermenging.
- Rasse wil van nature nie onderling vermeng nie, en is geneig om eerder hul eiesoortigheid te bewaar. Rasvermenging word egter geforseer deur propaganda gepaard met sosiale en politieke druk.

Die volgende Bybelse perspektief op rasse word gestel:

- Die Bybel gaan slegs oor Adam en sý nageslag, en gee geen inligting oor ander rasse nie.
- Die Bybel is uitgesproke oor afsonderlikheid tussen volke en nasies. Dit was deur God ingestel en veral vir sy volk Israel bedoel. Dit geld vandag ook vir Christene, wat die Nuwe-testamentiese volk van God is en in geestelike afsondering van die wêreld lewe.
- Die Bybelse riglyne vir naasteskap is ook op rasseverhoudinge van toepassing. Daar is verskillende vorms van naasbestaan, wat elk volgens bepaalde beginsels, grense en reëls werk.
- Die Westerse volke is die moderne nasate van die Bybelvolke en het die Bybel as primêre bron van inligting oor hul oorsprong en ontwikkeling, en oor hul verhoudinge met ander rasse.

Die volgende antwoorde op die rassevraagstuk word gegee:

- Afsonderlikheid tussen volke en rasse is God se wil. Dit gee ruimte vir elk om sy eie identiteit en eiesoortigheid te verwesenlik. Dit waarborg vreedsame naasbestaan en vooruitgang vir almal.
- Rasse respekteer en waardeer mekaar met die beginsels, grense en reëls van rasse-naasbestaan.
- Christene hoef nie rasvermenging te aanvaar nie. Elke ras mag bestaan soos God hul van die begin af geskape het, en het die reg om hul eie suiwerheid te bewaar.

# INHOUD


INLEIDING ........ 3
VOLKEREVERSKEIDENHEID ........ 4
WÊRELDPOLITIEKE AGENDA ........ 5
DIE RASSEVRAAGSTUK ........ 6
DIE BESTAAN VAN RASSE ........ 7
DIE OORSPRONG VAN RASSE ........ 9
VERMENGING VAN RASSE ........ 10
BYBELSE PERSPEKTIEF ........ 11
DIE BYBEL OOR RASSE ........ 11
RASSE IN DIE OU TESTAMENT ........ 12
Nie-Adamiete ........ 12
Adam en Eva se kinders ........ 14
Die reuse van Gén 6 ........ 14
Noag ........ 14
Gam en Kanaän ........ 15
Die toring van Babel ........ 15
Abraham en sy nageslag ........ 17
Moses se vrouens ........ 18
Mense van gemengde bloed ........ 18
Basters ........ 18
Rut ........ 18
Krygsgevange vroue ........ 19
Kan 'n Kusiet sy vel verander? ........ 19
RASSE IN DIE NUWE TESTAMENT ........ 19
Simon van Ciréne ........ 19
Die hofdienaar van Ethiopië ........ 20
Daar is nie meer Jood of Griek nie..julle is almal een in Christus Jesus ........ 20
Uit alle nasies en stamme en volke en tale ........ 20
MODERNE NASATE ........ 21
DIE BYBEL OOR AFSONDERLIKHEID ........ 23
AFSONDERLIKHEID IN DIE OU TESTAMENT ........ 23
AFSONDERLIKHEID IN DIE NUWE TESTAMENT ........ 25
DIE BYBEL OOR EENHEID ........ 26
’N NUWE ISRAEL ........ 26
NAASTESKAP ........ 28
ANTWOORDE OP DIE RASSEVRAAGSTUK ........ 30
SLOT ........ 31

# INLEIDING

As volgelinge van Jesus Christus is ons in die wêreld en ons bevind ons in samelewingstrukture en omstandighede waaroor ons nie beheer het nie (Joh 16:33). God is in beheer van alles wat in die hemel en op die aarde gebeur, maar Hy laat Satan toe om op aarde te heers tot sy tyd verstreke is (Ef 6:10-20, 2Pet 3, Openb 20). Ons word ten diepste daardeur geraak, en is ook die teiken in sy volgehoue pogings om God se skepping te vernietig. Een van sy kragtige wapens is om orde in die skepping te versteur deur onbehoorlike vorms van vermenging (2Pet 2, Jud).

Vermenging op sigself is nie noodwendig verkeerd of skadelik nie. Dink byvoorbeeld aan God se skeppingswerk, waar hy verskillende soorte materie en natuurkragte tot stand gebring en dit op 'n verskeidenheid van maniere saamgestel het om planete, die son en die aarde, grond, water, plante en diere te maak. Hy het ook materiaal uit die aarde geneem en dit vermeng om 'n lewende liggaam te vorm, waarna Hy van sy Gees bygevoeg het om 'n mens na sy beeld te skep (Gén 1,2, Ps 139:13-16, Mal 2:15). God is die volmaakte Mengmeester! Die mens is ook mengmeesters in die uitvoering van sy opdrag om die aarde te onderwerp en oor alles te heers. Hy meng klank en ritme om pragtige musiek voort te bring. Deur wetenskap en tegnologie stel hy middele saam waarmee hy op aarde heers. Ons is ook geseën met geestelike talente: meng liefde met blydskap, vrede, lankmoedigheid en nog dergelike 'bestanddele', en dit bring vrug voort wat mekaar verkwik en opbou (Gal 5:22). Goeie vermengings kom uit die kunstige hande van God en deur die lewens van mense wat aan Hom gehoorsaam is. So skep Hy orde, vrede, harmonie en vooruitgang.

Daar is ook onbehoorlike en skadelike vorms van vermenging. Dit kom van die Bose en word bewerk deur die 'owerhede, magte en wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu' (Ef 6:12). Ons beleef dit onder andere op die volgende hoër lewensterreine:

- Godsdiens: die gelykstelling en vermenging van verskillende godsdienste ('sinkretisme')
- Die huwelik: dit word toenemend geminag en vervang met willekeurige saamwonery
- Die gesin: dit word verwaarloos en uitgedaag deur buitebelange soos vermaak en werksdruk
- Geslagtelikheid: kinders kan hul geslag kies (!), en geslaglose verhoudings raak aanvaarbaar
- Nasionaliteit: dit word vernietig deur grense tussen volke en lande wat 'versag' word
- Rasse: daar is nie meer onderskeid tussen rasse of wedersydse respek en waardering nie

Dit is moeilik vir mense om onbehoorlike vermenging vroeg te herken en te verhoed. Dit gebeur subtiel, is ingewikkeld, word op hoë vlakke deurgevoer en is polities- en geldmag-gedrewe.

Hierdie studie fokus spesifiek op rasseverhoudinge en die rassevraagstuk, wat vinnig besig is om in een van die wêreld se grootste uitdagings te ontwikkel. Daar is grootskaalse verwarring oor rasse-naasbestaan en onsekerheid oor hoe dit hanteer moet word. Die Christendom gaan veral swaar gebuk onder die rusteloosheid wat in kerkkringe daaroor heers. Geestelike leiers is onder kwaai druk om 'reg' te praat en te preek, terwyl die gewone gelowige in sy hart aanvoel dat alles nie pluis is nie.

Ons begeer om God se wil te doen, maar wat is sy wil met verhoudinge tussen mense van verskillende rasse? Die boodskap van die Bybel gaan oor liefde vir God en vir mekaar, en rasseverhoudinge word nou meer as ooit daarmee in verband gebring. Dit raak ons geloof in sy kern, want as Christene wil ons die Bybelse opdragte uitleef teenoor alle mense. Dit is dus noodsaaklik om hierdie onderwerp aan te spreek, die waarheid daaroor te soek en dit onbevrees in die lig te stel. Hopelik sal hierdie studie daartoe bydra.

# VOLKEREVERSKEIDENHEID

Volke, nasies en samelewings ontstaan deur die natuurlike neiging van mense om te groepeer. Ons leer dit uit die geskiedenis en sien dit steeds in ons eie omgewings. In die kleine gebeur dit by kinders wat speelgroepies vorm, by grootmense met vriendekringe, klubs ens., en in die groter omgewings is daar politieke partye, kultuurorganisasies, kerkgroepe en so aan. Daar is dorpe, stede, provinsies en lande wat aan groepe en volke behoort. Kyk maar hoe vurig nasionalisme en patriotisme op sportgebied kuier-byeenkomste kan oorheers. Groepvorming gaan altyd gepaard met:

- gemeenskaplike belange wat deur die lede van die groep gedeel word, en
- eksklusiwiteit, wat ander mense uit die groep uitsluit.

Gemeenskaplike belange is dinge soos woonplek, ras, taal, kultuur, gewoontes, godsdiens en lewensonderhoud. Elke groep het sy eie belange en goedere, en wil dit beskerm en uitbou. Dit lei tot eksklusiwiteit, wat uitdrukking vind in 'n natuurlike weerstand teen vreemde betrokkenheid of inmenging. Dis nie soseer haat of vyandigheid teen ander nie, maar 'n beskermingsdrang teen enigiets wat die welsyn van die groep kan bedreig. So ontwikkel geografiese grense, kultuurgrense, rasgrense ensovoorts, en daarmee saam militêre en ander vorms van verdediging.

’n Merkwaardige aspek van groepvorming is dat dit vanself ’n versadigingspunt bereik, waar die rede vir die vorming van die groep bevredig is en verdere afdeling na nog kleiner groepe onnodig raak. Dit kan ook terugwaarts werk, waar groepe saamsmelt om groter groepe te vorm totdat daar weer balans is.

Die natuur is vol voorbeelde daarvan. Op die heel laagste vlak van die fisiese wêreld sien ons hoe meer as 100 soorte atome (elemente) gevorm word uit verskillende groeperings van protone, neutrone en elektrone. Dan volg miljoene soorte chemiese verbindings van daardie atome. Verbindings kan verander na gelang van die teenwoordigheid van ander verbindings of atome, en as gevolg van wisselende omstandighede.

Op hoër vlakke is daar ontelbare biologiese lewensvorms, waar groepvorming aan die orde van die dag is. Insekte vorm neste, diere vorm troppe, skole en swerms. En op die hoogste vlak van die aardse lewe – dié van die mens – sien ons verskillende volke, nasies en samelewings, soos dit gevorm word deur soort, kultuur en omgewing.

Volke, nasies en samelewings, met gepaardgaande segregasie, of afsonderlikheid, is 'n ingeskape deel van die menslike bestaan. Die woord *apartheid* kom ook hier ter sprake, wat maar net 'n ander Afrikaanse beskrywing daarvan is. Die woord is gestigmatiseer en word nou gebruik as 'n smeerwoord teen afsonderlikheid. Volkereverskeidenheid en afsonderlikheid is egter God se wil, en geen mag of mens sal dit ooit kan verander nie.

Die werklikheid van verskeidenheid en afsonderlikheid word maklik onderwaardeer omdat mens so gewoond raak daaraan. Teen die tyd wat dit teenstand in die gesig staar kan dit reeds te laat wees as die onderbou daarvan klaar gerysmier is.

# WÊRELDPOLITIEKE AGENDA

Geen land of volk is vry van die res van die wêreld nie. Bo en behalwe eie regering en kultuur is daar altyd dié van omringende nasies, sowel as daardie immerdurende internasionale druk wat die hele wêreld omarm en stadig maar seker in bepaalde rigtings stuur. Die wêreld word tans gedruk om volksliefde en nasietrots te versaak ter wille van 'toleransie', maar dit bots met die natuurlike neiging om grense te trek en vreemde invloed te beheer. Hier is enkele voorbeelde:

- Leiers wat hul eie land eerste stel en tradisionele waardes huldig, kom onder spervuur.
- Landsgrense word oopgemaak vir vlugtelinge uit ander lande, ten koste van eie burgers.
- Internasionale terrorisme word aangehelp deur bewegingsvryheid tussen lande.
- Die basiese reg op afsonderlikheid word geminag en selfs onwettig gemaak.

Die wêreldpolitieke agenda volg nou die doelwitte van die nuwe wêreldorde. Dit behels:

- die afbreek van kulturele, politieke, rasse- en geografiese grense tussen volke,
- die invoering van 'n nuwe een-wêreldkultuur vir alle mense,
- aanmoediging en forsering van rasvermenging deur indoktrinering en wetgewing.

Rasvermenging is 'n ingrypende proses met permanente gevolge. Die mens skiet tekort aan kennis, ervaring en wysheid om rassevraagstukke te hanteer, en dit gee die ideale geleentheid vir die vyand om sy planne uit te voer. So word rasseverhoudinge byvoorbeeld deur godsdiens gemanipuleer, soos die volgende voorbeelde uit ons geskiedenis bewys:

Die eerste Kaapse setlaars het aanvanklik goeie verhoudinge met die inheemse Khoisan gehad. Vyandigheid het mettertyd ontwikkel deur probleme met slawerny, grondbesit, diefstal ens. Rasseverhoudinge het onder die loep gekom, waarop owerhede en liberale sendelinge bepaal het dat gelykheid van alle mense voor God ook ras-gelykheid beteken moes beteken. Gevolglike sosiale hervormings en wetgewing teen diskriminasie op grond van ras was onaanvaarbaar vir baie vryburgers en boere, wat toe weggetrek het na die Oos-Kaap, en met die Groot Trek na die noorde.

Die misbruik van godsdiens as hefboom vir verandering het nooit opgehou nie. In die tagtigerjare van die vorige eeu was dit weer so met die oorgangsproses na die sg. 'nuwe Suid-Afrika'. Kerkleiers het lidmate weggelei van afsonderlikheid ('apartheid') na 'n nuwe 'reënboognasie', deur uit die Bybel te 'bewys' dat alle mense 'gelyk' voor God is ongeag ras. Die ware betekenis van gelykheid, en respek vir andersheid, was natuurlik verswyg. 'n Vals skuldgevoel het gevolglik by lidmate ontwikkel oor die kwansuise sondes van apartheid en afsydigheid teenoor ander rasse, wat die naam *rassisme* gekry het. So was volksverbondenheid, patriotisme en ras-trots doodgesmoor en vervang met die reënboognasie-toestand waarin alle Suid-Afrikaners hul nou bevind.

Die nuwe wêreldorde forseer rasvermenging, wat rassepolarisasie en -spanning, geweld en ekonomiese agteruitgang veroorsaak. In werklikheid is die verskillende rasse heeltemal in staat en gewillig om mekaar te aanvaar, te waardeer en saam te werk, mits daar nie ingemeng word nie.

Die beoogde nuwe wêreld staan lynreg teen God se wil en plan vir die mens, en is gedoem tot mislukking. Alhoewel dit 'n skyn van vrede en vooruitgang het is dit in werklikheid die Satan se laaste wanhopige poging om God se skepping, en daarmee saam die mens, te vernietig.

Die Bybel voorspel dat die mensdom deur die Antichris verlei en verdruk sal word tot by die wederkoms van Jesus Christus. Christene word deur die Woord van God gewaarsku om daarop voorbereid te wees (Dan 7-12, Openb).

# DIE RASSEVRAAGSTUK

Ons beskou die rassevraagstuk nou van nader. Dit gaan oor die bestaan van rasse, die oorsprong van rasse, rasvermenging en hoe dit vandag een van die wêreld se grootste uitdagings is.

Die mens se onbeholpenheid met die teenwoordigheid van verskillende rasse op die aarde, saam met die huidige koorsagtige forsering van rasvermenging, gee aanleiding tot rassevraagstukke wat soos 'n berg voor ons staan. Daar is skaars nog 'n land in die wêreld wat nie met hierdie uitdaging te doen het nie. Terwyl almal in vreedsame naasbestaan wil lewe, gebruik ons vyand, die Duiwel, die rassevraagstuk as 'n wapen om orde en vrede in God se skepping te vernietig.

Een manier om die rassevraagstuk kortliks te beskryf is in terme van die volgende drie moontlike situasies waarin die meeste volke, of lande, hul vandag bevind:

- die eerste is waar verskillende rasse as afsonderlike volke bestaan, elkeen in sy eie land, waar hulle in ekonomiese en politieke verbande met mekaar verwikkel kan wees;
- in die tweede moontlike situasie deel verskillende rasse dieselfde grondgebied of land en ook dieselfde ekonomie, maar elkeen het nog sy eie woongebiede en eie kulturele, sosiale en maatskaplike sisteme;
- in die derde situasie is alle lewensterreine ten volle geïntegreer, met geen eie woongebiede of kulturele, sosiale of maatskaplike sisteme nie.

In al drie gevalle sal daar altyd 'n soeke wees na vreedsame naasbestaan met gelyktydige beskerming en bevordering van elkeen se eiesoortigheid en selfverwesenliking. Dit word egter al hoe moeiliker hoe verder daar na die derde situasie beweeg word. Aanleiding tot rasintegrasie is in die eerste geval baie min, maar in die tweede, en veral die derde geval, baie meer. Suid-Afrika, net soos die Verengde State van Amerika en nou in toenemende mate ook die Europese lande, sit in die laaste twee situasies, met groot politieke en sosiale druk om volledig oor te beweeg na die derde een. Die uiteinde is gedwonge rasintegrasie en -vermenging.

Antwoorde vir die rassevraagstuk word hoofsaaklik langs twee weë gesoek. Een is die voor-veronderstelling dat daar nie werklik verskillende rasse is nie aangesien alle mense eintlik maar dieselfde is. In Westerse lande is dit reeds in die leerplanne van skole en naskoolse inrigtings ingebou, om elke skoolkind en student se denke daarvolgens te vorm. Baie kerke is al dogmaties ge-infiltreer en oorgewen om hierdie denkwyse te help propageer. Die internet loop daarvan oor en bied maklike toegang tot hierdie denkstroom. Internasionale 'opvoedkundige' organisasies en regerings van lande sorg vir politieke druk en selfs wetgewing wat dié denkwyse ondersteun om rasse-integrasie te bevorder en af te dwing.

Die ander weg na antwoorde begin by eerlike en noukeurige waarneming van die werklikheid van rasse en rasseverhoudinge in die praktyk. Dit, met inagneming van wat die Bybel oor die onderwerp sê (of verswyg), lei na onvervalste, betroubare gevolgtrekkings oor rasse en rasseverhoudinge. Die tydsgewrig waarin die Christendom vandag moet oorleef noodsaak diep insig en onbevreesde openheid oor hierdie saak.

Ons gaan nou kyk na die werklike, bestaande situasie, en hoe dit langs die twee genoemde weë benader word. Ons gaan probeer om gevolgtrekkings te maak en die antwoorde te ontdek wat God in sy liefdevolle en genadige wysheid aan ons wil openbaar.

## DIE BESTAAN VAN RASSE

Die bestaan van verskillende mens-rasse kan nie ontken of geïgnoreer word nie. Maar die betekenisse van woorde soos 'rasse' en 'verskillend' moet uitgeklaar word om misverstande te voorkom. Die HAT woordeboek gee die volgende:

**ras(-se)**

'n groep mense, diere, of plante verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms, en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe, deur ooreenkoms wat belange, gewoontes en uiterlik betref: *die Germaanse, Angel-Saksiese, Hebreeuse ras. Ras, nasie, en volk word tegnies wel onderskei maar in die omgangstaal dikwels gebruik om 'n afdeling van die mensdom aan te dui wat as 'n afsonderlike eenheid beskou word. Ras word meestal as 'n antropologiese en etnologiese begrip beskou.*

**soort(-e)**

Die biologiese definisie van hierdie woord in die HAT is: Al die individue wat in belangrike kenmerke met mekaar en hul nakomelinge ooreenkom; spesie.

**spesie(-s)**

Soort, of subdivisie van verwante plante en diere direk onder die geslag of genus.

Dit blyk dat die betekenisse van woorde soos *ras*, *soort* en *spesie* ietwat wasig kan wees. Elke vakgebied formuleer dan seker ook maar sy eie presiese betekenisse vir elkeen van hierdie woorde.

In hierdie studiestuk word die woord *ras(-se)* in biologiese/etniese sin gebruik, waar dit die volgende herkenbare en onderskeibare menslike groepe beteken:

| | |
|---|---|
| wit: | Koukasies, Aries, Westers, soos in Europa, Amerika, Australië ens. |
| swart: | Negroïed, oorspronklik uit Afrika, en swart Australiër. |
| geel: | Mongools, Asiër, Oosterling, oorspronklik uit Asië en die Verre-Ooste. |
| bruin: | Maleisies, oorspronklik van Maleisië, Thailand, Kambodja ens. |
| rooi: | Indiaans, oorspronklik van die Amerikas en sekere dele van Europa. |

Die vyf kategorieë hierbo is 'n growwe indeling. Daar is ook ander indelings soos byv. net drie (wit, swart en geel). Heelwat fynere sub-indelings en groeperinge is ook al gedoen, wat aandui presies waar byvoorbeeld die Eskimo's inpas, hoe sekere rasse of sub-rasse nader aan mekaar verwant is en ander weer verder van mekaar, ens.. Hoe dit ookal sy, daar is beslis enkele hoof-rasse wat lank reeds bestaan en wat duidelik van mekaar verskil.

Die woord *ras* is eintlik problematies in sommige opsigte. Volgens die woordeboek het lede binne ’n gegewe ras 'n gemeenskaplike afkoms. Maar twee rasse kan ook dieselfde afkoms hê. Beskou beesrasse as voorbeeld: alle Jersey's stam van hul Jersey-voorouers af, en net so stam alle Friese van hul Fries-voorouers af, maar beide rasse het by dieselfde oorspronklike bees-voorouers begin. Dis maklik om te verstaan, want die mens het self verskillende beesrasse geteel. Wanneer daar nou van mens-rasse gepraat word, kan gedink word dat al die mens-rasse van een oorspronklike 'mens-spesie' moet afstam, sê maar die sg. Homo-sapiens. Daar is egter geen bewyse daarvoor nie. Die woord *ras* kan dus verwarrend wees. 'n Ander probleem is die neiging deesdae om *ras* as wetenskaplike term te verwyder. Dit kan sin maak, maar die motief kan ook wees om onderskeid tussen mens-rasse uit die weg te probeer ruim.

Die woord *ras* word nietemin meesal gebruik om na die verskillende hoofgroepe van mense te verwys. In hierdie studiestuk gebruik ons dit ook so, maar sonder om daarmee te bedoel dat die hoofgroepe 'n gemeenskaplike oorsprong het of nie.

Wat beteken 'verskil', 'verskillend' en 'dieselfde' ?

Daar is denkrigtings wat wil hê dat rasverskille oppervlakkig is en beperk tot velkleur, gelaatstrekke, haartipes ens. Die verskille word dan toegeskryf aan invloede wat oor lang tye gestrek het, soos omgewing, klimaat, kultuur ens.. Die uitgangspunt is dat al die verskillende rasse oorspronklik uit een mensepaar, of minstens uit een enkele oer-genus voortkom. Ons is dus almal in werklikheid van dieselfde 'soort', nl. die Homo sapiens-spesie, wat uit die Homo-genus voortkom. Die gevolglike 'konsensus' in navorsingskringe is dat daar nie eintlik so iets soos mens-rasse is nie, net oppervlakkige 'variasies' van die mens.

Daar is groot politieke krag agter dié denkrigtings omdat dit die doelwit van 'n nie-rassige wêreldsamelewing dien. Alles moontlik word ingespan om mense te laat glo dat ras-suiwerheid uitgedien is en net wêreldvrede belemmer. Die propaganda vir 'gelykheid' van rasse steun op artefakte uit opgrawings, teoretisering, modellering en spekulasie, wat op sigself goed is maar ongelukkig gekaap en misbruik word vir hierdie gelykheids-propaganda. 'n Storie wat baie in die media gesien word gaan oor die 'klein' verskille tussen die DNA-strukture van die verskillende rasse. Dit verkondig dat alle mense se DNA-strukture 99,5% dieselfde is. Die ‘uiterlike’ verskille tussen mense is dus eintlik nietig. Die idee word nog verder gevoer deur te beweer dat volgens die nuutste ‘navorsing’ DNA <u>binne</u> rasse selfs meer verskil as <u>tussen</u> rasse! Die oneerlikheid van hierdie redenasies lê daarin dat die betekenis en werking van DNA-strukture, en die werklike gevolge van selfs klein DNA-verskille (byv. 0,5%), nie verduidelik word nie. Neem byvoorbeeld die alledaagse verskynsel van die spreekwoordelike appel wat nie ver van die boom val nie:

> Kinders uit ouerpare van 'n gegewe ras is altyd van presies dieselfde ras as die ouers. Die kinders kan baie van mekaar verskil in liggaamsbou, haarkleur, kleur van oë, gelaatstrekke en geaardheid, soos wat hul voorouers se eienskappe na vore kom. Maar dit sal nooit gebeur dat die kinders kenmerke van ander rasse toon nie. Koukasiese Westerlinge se kinders sal altyd Koukasiese Westerlinge wees. Sjinese se kinders sal altyd Sjinese wees. Een kind is miskien groot en grof gebou met 'n donkerder veltipe terwyl sy boetie of sussie die teenoorgestelde is, maar albei is suiwer Sjinese en dit kan duidelik gesien word deur net na hulle te kyk. Net so sal 'n blanke Westerse gesin se kinders altyd suiwer blanke Westerlinge wees, en hulle sal nooit soos Sjinese lyk nie (selfs al verskil hul DNA net 0,5% tot 0,1% met dié van die Sjinese gesin!).

'Klein' verskille in DNA beteken dus nie dat rasverskille oppervlakkig is of dat alle mense nou eintlik maar dieselfde is nie. Op grondvlak is alle vorms van lewe in elk geval eenders, in die sin dat hulle uit dieselfde boustowwe soos koolstof, water en suurstof bestaan, en almal volgens dieselfde natuurwette soos elektrisiteit, swaartekrag en gaswette funksioneer. Op hierdie laagste vlak is mense en byvoorbeeld jellievisse soortgelyk, maar andersins verskil hulle tog grootliks van mekaar.

Die onderwerp van DNA is ingewikkeld en nog broos as vakgebied, maar word klaar misbruik om net sekere idees oor rasse te verkondig. Mense word maklik 'n rat voor die oë gedraai met woorde wat geplooi word om iets anders te sê as wat dit werklik beteken. Ons het waarlik hier te doen met 'verdigte woorde' (2Pet 2:3). Die bestaan van mens-rasse wat duidelik van mekaar verskil is 'n feit wat altyd waar sal wees en wat nie deur skewe en onvolledige wetenskaplike voorstellings weggesteek kan word nie.

# DIE OORSPRONG VAN RASSE

Dis belangrik om die werklikheid van rasverskille te begryp en te aanvaar, maar mens wil graag ook die oorsprong en ontwikkeling van rasse so ver as moontlik verstaan. Ons kyk eers na enkele geskiedkundige en antropologiese oorwegings, waarna ons kyk na die Bybelse gegewens.

Die optekening van geskiedenis het eers op latere stadiums van die mens se bestaan begin, dus is sekulêre geskiedkundige gegewens oor die eerste mense nie beskikbaar nie. Al wat ons het is die inligting wat die Bybel gee. Die ongelowige wêreld stel nie daarin belang nie en steun slegs op sy eie wetenskap om die oorsprong van mense en rasse te probeer ontdek. Die antropologie, volkekunde, argeologie en ander mens-wetenskappe is wonderlike hulpmiddels, maar die natuurlike mens kan vinnig op dwaalweë weg van God af beland. Na die sondeval is die mens nie meer in staat om op eie houtjie die pad terug na waarheid te vind nie.

Die ongelowige wêreld wat net op sy eie insig steun sien die mens se oorsprong as eenvoudige oer-organismes uit die verre verlede. Uit hierdie organismes sou dan 'n groter verskeidenheid van lewensvorms ontwikkel soos plante, diere en mense. So sou verskillende mens-rasse dan ook uiteindelik ontwikkel. So word alle lewensvorms aan ewolusie toegeskryf, wat verdraai en verkeerdelik voorgestel word as 'n proses waar alles uit een ding ontwikkel het.

Ewolusionistiese beskouinge oor die oorsprong van die mens en rasse berus op voorwaardes en aannames wat verklap dat dit blote *teorieë* is. Hier is twee eenvoudige voorbeelde:

- Ewolusie is 'n uiters langsame proses. Die ontwikkeling van verskillende rasse uit een oer-mens sou slegs moontlik wees as lewe op aarde miljoene jare gelede begin het. Maar ons het geen feitelike inligting uit sulke vroeë tye nie – selfs nie eers of daar sulke tye wás nie. Die enigste inligting wat ons het kom uit argeologiese, paleontologiese en ander onlangse ontdekkings. Teorieë wat op hierdie skrale kennis gebou word is soms wyd-uiteenlopend en bied nie feitelike antwoorde op vrae na die oorsprong van mense en rasse nie.
- Die veronderstelling dat die mens uit aap-agtige oermense ontwikkel het gee aanleiding tot verdere vrae, byvoorbeeld hoe vandag se ape dan steeds ape is en nie ook soos ons ontwikkel het nie. Dieselfde vraag geld eintlik vir alle diere. Hoe is dit dat die mens so uitgestyg het bo alle ander lewensvorms? Baie verskillende antwoorde is al daarvoor uitgedink. Daar is gereeld nuwe teorieë maar geen blywende, goeie antwoorde nie.

’n Noemenswaardige en verdoemende bewys teen ewolusionisme is die sogenaamde ‘irreducible complexity’ van sekere mikro-organismes. Hul samestelling en werking is so uniek en kompleks dat dit duidelik nie deur ewolusie sou kon ontwikkel nie. Ewolusionêre prosesse kan nie sulke groot en intelligente ontwikkeling-spronge maak nie. Kyk gerus na vele artikels op die internet oor 'irreducible complexity'. Daardie mikro-organismes kan alleen unieke, oorspronklike skeppings wees. En hoeveel ingewikkelder is die mens nog! Net 'n alwyse Skepper kan dit doen.

Daar bestaan geen empiriese (feitelike) wetenskaplike kennis oor die oorsprong van rasse nie. Daar is seker al goeie navorsing daaroor gedoen wat objektief, eerlik en wetenskaplik verantwoordbaar is. Maar dit sal skaars, moeilik beskikbaar en skerp gekritiseer wees. Ongelukkig word alle navorsing oor die mens en rasse deur die nuwe wêreldorde ondervang, gesif, vervals en deurweef met sy eie misleidende stellings. Dis baie jammer, want was dit nie vir hierdie tragiese toedrag van sake nie, sou die mens-wetenskappe 'n onskatbare bydrae kon gemaak het in ons soeke na die waarheid. U kan op die internet kyk na UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation), 'n organisasie wat kort na die tweede wêreldoorlog in die lewe geroep is om riglyne te ontwikkel vir voorkoming van konflik, oorloë, rassisme, geslagsdiskriminasie, anti-Semitisme ens.

Een van die organisasie se slagspreuke is: *Building peace where it starts - in the minds of men & women.* Amper 200 wêreldlande is lede van UNESCO. Baie lande het wetgewing wat geskoei is op UNESCO se 'navorsing'. Alle navorsing en opleiding is onderhewig aan hul oorhoofse visie- en beleidstellings, wat geen plek gee vir onafhanklike objektiwiteit en waarheid nie, en allermins vir Bybelse inspraak. Dis skaars nodig om te noem dat die wêreld hier te doen het met een van die groot tentakels van die nuwe wêreldorde.

Om ’n lang storie kort te maak:

**Ons weet nie hoe die verskillende mens-rasse ontstaan of ontwikkel het nie.**

Die Christendom is aangewese op ander, betroubare bronne van inligting, waarvan die Bybel die belangrikste is. Ons kom later weer hierby terug, waar ons gaan sien dat die Bybel ons na die regte antwoorde oor rassevraagstukke lei.

## VERMENGING VAN RASSE

Rasvermenging is 'n wêreldwye verskynsel wat deesdae meer voorkom, hoofsaaklik as gevolg van 'n groter wêreldbevolking, die nuwe wêreldorde-politiek, verandering in wetgewing en toenemende sosiale druk vir rasvermenging.

Ons beleef vandag die ontstaan van nuwe rasse deur rasvermenging. In ons eie land het ons byvoorbeeld die bruin (kleurling-) bevolking, wat ontstaan het deur o.a. ondertrouery van Kaapse vryburgers met lede van die inheemse bevolkings. Die kinders uit hierdie huwelike was die begin van 'n nuwe ras met unieke eienskappe. Hul voorkoms, geaardheid, gewoondtes en kultuur was duidelik onderskeibaar, en het hulle binne die bestek van 'n paar geslagte 'n eie plek in die samelewing besorg. Net soos die oorspronklike rasse, behou hulle hul unieke kenmerke van geslag tot geslag, nou al meer as 'n eeu lank.

Alhoewel gemengde rasse oor die algemeen klein groepe is in vergelyking met die basiese rasse, is hul bestaan 'n werklikheid. Of dit gaan verander, en in watter rigting, sal die tyd leer. Wat wel duidelik blyk is dat rasvermenging altyd op 'n klein skaal, as uitsondering en op individuele vlak plaasvind. Die rede is eenvoudig omdat elke ras op aarde van nature geneig is om sy eiesoortigheid te behou en in sy kern suiwer te bly.

Rasvermenging het nogtans 'n groot invloed in die wêreld. Dit lei tot nuwe patrone soos 'oop' samelewings, die vorming van nuwe groepe en kulture wat vinnig groei en groter word, politieke veranderinge, polarisasie, rassespanning ens. In ons eie land het ons die geskiedenis van ons bruin gemeenskap as voorbeeld.

Van die kragtigste invloede op samelewings is ideologie, godsdiens, magspolitiek en geld. Dit wat in die wêreld gebeur word grotendeels bepaal deur leiers wat aan die stuur van hierdie dinge is en bepaalde doelwitte nastreef. Hulle oefen beheer uit op die gebied van volkskultuur, nasionaliteit, en ras-identiteit. Die propagering van rasvermenging en die instelling van wetgewing teen nie-deelname daaraan of dwarsboming daarvan, is seker die grootste drukgolf wat die wêreld vandag op sosiaal-politieke gebied beleef. Dis ingestel op elke moontlike plek waar die publieke opinie beïnvloed kan word. Rasvermenging word deur volhoubare beïnvloeding en dwangmaatreëls geforseer omdat dit onnatuurlik is en nie sommer vanself gebeur nie.

# BYBELSE PERSPEKTIEF

In ons soeke na antwoorde op die vraagstukke oor rasseverhoudinge gaan ons nou kyk na wat die Bybel sê oor rasse, volke en naasbestaan.

Die Bybel gee baie inligting oor mense- en volkereverhoudinge. Vir diegene wat die Bybel as die woord van God aanvaar lê die antwoorde daarin opgesluit, maar dit moet reg verstaan en verstandig toegepas word op ons situasie vandag. Daarvoor maak ons staat op die Heilige Gees wat die woord vir ons oopbreek en vir elkeen die verstand gee om dit te kan vat, volgens sy of haar persoonlike gereedheid. Miskien is dieselfde beginsels agter byv. Ef 5:17 en Heb 10:16 hier van toepassing. En natuurlik 2Tim 3:16-17, wat in die eerste plek gaan oor die geloof in Jesus Christus, maar ook wys op die waarde van die hele Bybel om ons te lei na antwoorde op elke lewensvraagstuk.

## DIE BYBEL OOR RASSE

Die woord *ras* kom nie in die Bybel voor nie, selfs nie enige ander woord wat min of meer dieselfde betekenis kan hê nie. Die Bybel praat nie spesifiek van die bestaan van rasse nie. Om te bepaal of die Bybel hoegenaamd die onderwerp van rasse aanraak, moet ons soek na leidrade en indirekte verwysings.

Van Gén 1:26 af word vertel van die mens wat uit die stof van die aarde na God se beeld geskape is, geseën is met vrugbaarheid en aangestel is om oor alles te heers. Maar voordat ons verder oor die 'mens' praat moet ons net eers die nodige woordontleding doen:

In die Afrikaanse Bybel word die woorde *mens* en *Adam* gebruik. Die oorspronklike Hebreeuse woord in die Ou Testament is

> אדם ('âdâm) (H120, H121), wat blosend, rossig (rooibruinerig) of rooi beteken.

In die Afrikaanse Bybel is hierdie woord soms na *mens* en soms na *Adam* vertaal, afhangende van die konteks waarin die woord âdâm in die Hebreeuse teks voorkom. In Hebreeus is 'mens' of 'mense' dieselfde as 'Adam'. Hou dan in gedagte: waar die Ou Testament van 'n 'mens' of 'mense' praat is daardie mense uit Adam. In hierdie studie noem ons hulle 'Adamiete'.

In die Griekse teks van die Nuwe Testament kry ons die volgende twee woorde:

> Ἀδάμ (Adam) (G76), wat die Griekse vertaling is van die Hebreeuse woord **'âdâm**.

Waar dié woord in die Nuwe Testament gebruik word verwys dit na die historiese persoon Adam. Vir mens of mense in die algemeen word die woord

> ἄνθρωπος (anthrōpos) (G444) gebruik, wat gewoon mens beteken.

Die Nuwe Testament gebruik die twee woorde Adam en anthropos nêrens in verband met rasse nie. Ons kry wel dat alle mense se afkoms aan Adam verbind word, soos byv. in 1Kor 15:22. Maar die twee woorde word nêrens só gebruik dat ons kan aflei dat hierdie Adam-geslag van die Nuwe Testament iets met rasse te doen het nie.

Vervolgens bestudeer ons die Ou en dan die Nuwe Testament oor rasse:

## RASSE IN DIE OU TESTAMENT

Ons begin by die eerste mens Adam en kyk na wie of wat hy was. Dalk het daar sekere dinge met hom en sy direkte nageslag gebeur of dalk het hulle iets gedoen of met iemand te doen gekry, wat moontlik op die bestaan van ander rasse kan dui.

### Nie-Adamiete

Kom ons kyk eers of die Bybel enige inligting gee oor ander soorte mense wat nie aan Adam verwant was nie ('nie-Adamiete').

Die Bybel sê duidelik dat Adam die enigste mens aan die begin was – hy was die enkele persoon uit wie alle Adamiete voortgekom het. Eva is ook uit hom gemaak, wat bevestig dat Adam geen voorgeslag gehad het nie (Gén 2:20-25, 1Tim 2:13). Hulle was in die tuin van Eden, 'n plek êrens in die vroeë Midde-Ooste.

Die Bybel sê niks van ander soort mense of ander rasse wat voor, of gelyktydig met, of na Adam bestaan het nie. Die Bybelverhaal gaan net oor Adam en sy nageslag. Selfs wanneer die Bybel praat van 'alle mense', word Adamiete bedoel. Om nie-Adamiete in die Bybel te vind – as hulle daar is – moet ons aanhou soek na moontlike leidrade en indirekte verwysings.

Die ander skepsels in die Bybel waarmee Adam en sy vrou te doen gekry het was die Duiwel, as 'n slang (Gén 3, 2Kor 11:3, Op 12:9, 20:2), en al die diere. Behalwe vir die diere in die see en lug, noem Gén 1:24 die 'vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde'. Die 'wilde diere van die aarde' verskyn op baie ander plekke in die Bybel, in heel interessante verbande. In sekere kringe word verkondig dat hulle nie-Adamiete is. Dus nie mense nie, maar 'diere' wat soos mense lyk. Ons ontleed nou 'n paar van hierdie tekste om te sien of dit waar is.

Die twee betrokke Hebreeuse woorde vir diere in die Bybel is:

בהמה (behêmâh) (H929), wat dier, groot vierbenige dier, stomme veedier, of wilde dier kan beteken.

חי (chay) (H2416), wat o.a. die volgende kan beteken: lewendig, vars, sterk, lewe, wild, wilde dier, om te lewe, iets wat lewendig is, lewensonderhoud, eetlus/honger.

Hierdie twee woorde, met hul betekenisse wat nogal baie oorvleuel, is goeie voorbeelde van hoe 'n Hebreeuse woord in sy konteks bestudeer moet word voordat dit uit 'n Afrikaanse of Engelse vertaling vertolk kan word. Bybelvertalings verskil juis plek-plek van mekaar in terme van hierdie woorde. Die volgende paar tekste illustreer:

> Gén 9:5
>
> Maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis.

God sal mense se bloed van die *chay* eis. Die King James Version (KJV) vertaal dit bietjie anders: van <u>die hand van</u> elke *chay* sal Hy dit eis. Met ander woorde, as 'n *chay* 'n mens se dood veroorsaak sal God die *chay* daarvoor verantwoordelik hou. Volgens 'n letterlike vertolking van die teks sou die *chay* hande moes hê, en ook intelligent en verantwoordbaar moes wees. Maar dit is bloot beeldspraak, soos byvoorbeeld in Gén 9:9-10 waar Jahweh 'n verbond sluit met alle lewende

wesens. Daar is nog baie ander tekste in die Bybel wat beeldspraak gebruik. Al wat Gén 9:5 sê is dat diere wat mense se dood veroorsaak vernietig moet word. Ons kan nie uit hierdie teks aflei dat sekere soorte diere mens-agtige nie-Adamiete is nie.

> Exo 22:19
>
> Elkeen wat met 'n dier gemeenskap het, moet sekerlik gedood word. Die KJV sê: whosoever lieth with a beast shall surely be put to death.
>
> Lev 18:23
>
> En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie. Dit is 'n gruwelike vermenging. Of soos in die KJV: Neither shalt thou lie with any beast to defile thyself therewith: neither shall any woman stand before a beast to lie down thereto: it is confusion.

In albei hierdie verse word van *behemah* gepraat, wat enige veedier of wilde dier kan wees. Wat ookal die geval mag wees, die twee verse praat van seksuele omgang met diere. Nou word beweer dat hier nie van gewone diere nie, maar van nie-Adamiete gepraat word, omdat dit byv. nie sin maak om in 'n lêende posisie met 'n gewone dier gemeenskap te hê nie. Die waarheid is dat bestialiteit (gemeenskap tussen 'n mens en 'n dier) 'n verskynsel onder die heidense godsdienste in die Ou Testament was (vv 24-30). Die lêende posisie waarvan gepraat word, maak nie seksuele omgang tussen mens en dier onmoontlik nie. Die mees logiese verklaring vir hierdie twee teksgedeeltes is dus dat dit gewoon oor bestialiteit gaan, wat in die Ou Testament verbied was.

> Jona 3:8
>
> maar mens en dier moet 'n rougewaad om hê, en hulle moet ernstig tot God roep, en elkeen moet hom van sy verkeerde weg bekeer en van die onreg wat aan sy hande kleef.

Die diere (*behemah*), is hier mak diere soos vee, pak- en rydiere, waarvan die eienaars rougewaad oor hulle moes gooi. Alles moes in 'sak en as' wees. Dis maklik om te verstaan dat die <u>mense</u> ernstig na God moes roep en hul diere ook laat versmag en 'roep', deur water en kos van hulle te weerhou. Vergelyk Joël 1:20. Weereens gebruik hierdie teks gewoon beeldspraak.

> Sag 8:10
>
> Want vóór hierdie dae het die mense geen loon getrek nie, ook vir die diere was daar geen loon nie;

Loon vir diere was loon wat verdien kon word deur die uithuur of gebruik van werk-, pak- of rydiere.

Daar is nog 'n klompie soortgelyke teksgedeeltes wat gebruik word vir ondersteuning van die idee dat sekere 'diere' in die Bybel mens-agtige nie-Adamiete is. Dit word problematies wanneer 'n mens hierdie 'diere' aan sekere mens-rasse gelykstel en so jou oortuigings oor rasse op Bybelse gesag probeer plaas. Ons sien egter duidelik dat verwysings na diere in die Bybel op gewone diere betrekking het. Selfs in die uitsonderlike gevalle waar diere gepraat het (die slang van Gén 3 en Bíleam se esel in Num 22), was dit gewone diere.

## Adam en Eva se kinders

Oor Abel se herkoms en suiwerheid as Adamiet is daar geen onsekerheid nie, maar wat van Kain? Was sy boosheid dalk te wyte aan iets anders as net die keuses wat hy gemaak het? Een denkrigting oor Kain is die sg. 'twee saadlyne'-teorie. Dit berus op die siening dat Eva se eet van die verbode vrug in die paradys in werklikheid geslagsgemeenskap met Satan (die slang) was, en dat Kain daaruit gebore is. Dus was Kain die begin van 'n fisiese, genetiese saadlyn van die slang (Gén 3, veral v 15). Kain en sy nageslag is dan na bewering deur die sondvloed vernietig, waarna sy saadlyn weer hervat is volgens Gén 6:4 en Gén 10-11. Daarteenoor word die saadlyn van Eva gestel, wat volgens Gén 3:15 en 5:3 met Set sou begin. Sieninge wat uit hierdie model voortvloei is byv. dat die 'slangsaad' vandag nog tussen ons is, dat hulle uit sekere rasse bestaan, dat ons almal 'n deel van hulle bloed in ons are het a.g.v. vermenging deur die eeue, ens.. Die Fariseërs en 'Jode' wat Jesus laat kruisig het word ook hieraan verbind, op grond van byv. Matt 23.

Die Bybel leer egter dat Kain uit Adam en Eva gebore is (Gén 4:1). Geslagsgemeenskap tussen mense en die Duiwel, of gevalle engele, is in elk geval nie moontlik nie (Matt 22:30). Kain het as gewone mens (Adamiet) en uit vrye keuse God weerstaan. Net so kan enigeen vandag ook vrywillig volhard in ongeloof en opstand teen God en so van homself slangsaad en addergeslag maak. Dit gaan oor 'n geestelike ingesteldheid teenoor God, nie fisiese afkoms of genetiese eienskappe nie.

Die volgende vraag kan wees wie Kain se vrou dan was, of wie die inwoners van die land Nod aan die oostekant van Eden was, tussen wie hy gaan woon het (Gén 4:14-17). As hulle nie Adamiete was nie, het ons 'n bewys vir die bestaan van nie-Adamiete op daardie deel van die aarde in daardie tyd. Dit is moontlik dat Kain se vrou en Nod se inwoners nie-Adamiete was, want die Bybel sê nie pertinent dat hulle van Adam afgestam het nie. Aan die ander kant is dit moontlik dat sy vrou wel 'n Adamiet kon wees, naamlik een van Adam en Eva se kinders, kleinkinders, agterkleinkinders of nog verdere kindskinders. Adam het ander kinders ook gehad (Gén 5:4) en die mense het in daardie tyd honderde jare oud geword. Die mense in Nod kon dus heel moontlik Adam se nakomelinge wees, en hulle kon al heel talryk gewees het teen die tyd dat Kain ook soontoe verhuis het. Kain se geskiedenis gee dan ook nie genoeg inligting om enigiets oor rasse wys te word nie.

## Die reuse van Gén 6

Daar word nogal wyd geglo dat die sg. seuns van God gevalle engele was wat in fisiese gemeenskap met mense getree het (Gén 6:1-4, met 2Pet 2:4 en Jud vers 6 as stawende verwysings). Die 'reuse' wat daaruit gebore was, word deur sommige mense gesien as 'n begin van ander rasse. Maar soos reeds genoem, maak geslagsgemeenskap tussen mense en engele, wat geesteswesens is, geen sin nie. Dis meer waarskynlik dat die 'seuns van God' gelowige en gehoorsame nakomelinge van Set was en dat die 'dogters van die mense' nakomelinge van Kain kon wees. Die 'reuse' uit hierdie huwelike was nie noodwendig liggaamlik anders as gewone mense nie, maar hulle was gewelddadig, sterk, magtig, beroemd, ens. Kyk gerus na die betekenis van die woord *nephilim* (H5303) in 'n Bybelkonkordansie.

## Noag

Noag was regverdig, opreg en het met God gewandel (Gén 6:9). Hy was sowat tien geslagte na Adam, met o.a. Set en Henog as voorouers. Volgens die verhaal in Gén 6-9 is alle mense, behalwe Noag en sy vrou, drie seuns en hulle vrouens, deur die sondvloed vernietig. Dit beteken dat Adam se nageslag op daardie stadium weer na slegs 8 mense verminder het. Uit hulle het weer 'n groot

nageslag voortgekom, soos ons sien in Gén 10. Maar voor dit het iets gebeur wat aanleiding gegee het tot eeue-lange bespiegelinge oor die swart ras:

## Gam en Kanaän

Na die reënboogverbond in hfst 9 lees ons die bekende verhaal van die vloek wat Noag oor Kanaän, Gam se seun, uitgespreek het. In vele gevalle deur die geskiedenis is geglo dat Kanaän die begin van die swart ras was want hulle sou hul broers se knegte wees (Gén 9:25 ens.) en die slawerny-geskiedenis van die inboorlinge van Afrika stem skynbaar daarmee ooreen. Hierdie oortuiging is in die laaste eeu of wat al hoe meer laat vaar, aangesien daar geen aanduiding in die teksgedeelte of in die res van die Bybel is dat die vloek enigiets met ras te doen het nie. Slawerny was buitendien reeds in Bybelse tye aan die orde van die dag, waar die vloek oor Kanaän en sy nageslag in verskeie gevalle uitgekom het tydens hul naasbestaan met Israel (Jos 9:23, Rigt 1:28,30,33,35).

## Die toring van Babel

'n Paar honderd jaar na die vloed (omtrent 4 000 jaar gelede) het Noag se nakomelinge begin uitbrei. 'n Klomp van hulle het toe weggetrek op soek na meer grondgebied, en in die land Sínear gaan bly. Daar het hulle die toring van Babel gebou, met die doel om verstrooiing te keer en 'n soort mens-eenheid tot stand te bring. Maar God het dit verhoed deur taalverwarring, waarna hulle in verskillende rigtings verstrooi het. Hierna volg die afsonderlike uitbreidings van volke en nasies, en die res van die wêreldgeskiedenis.

Wat rasse en rasseverhoudinge betref is die sondvloed en die verstrooiing uit Babel van kritieke belang, aangesien baie sieninge en dwalinge hier begin. Die Bybel gee eintlik bitter min besonderhede oor wat presies gebeur het. Gevolglik het baie uiteenlopende oortuigings deur die eeue hieroor ontwikkel. Hier is twee voorbeelde:

> Een populêre siening is dat die sondvloed die hele aardbol oordek het en letterlik alle landlewe uitgewis het. Alle mense, diere, voëls en insekte wat vandag bestaan, is dus afkomstig van hul oer-ouers wat in Noag se ark was. Dit impliseer dat ewolusie 'n groot rol moes gespeel het om vandag se verskeidenheid van lewensvorms te gee. In die geval van die mens het die verskillende rasse dan deur ewolusie uit Noag se drie seuns ontwikkel. Die faktore wat dié proses aangehelp het word gesien as die ontstaan van verskillende tale, verskillende omgewingstoestande op die aarde, verskillende kulture wat mettertyd ontwikkel het, ensovoorts. Verdere gevolgtrekkings wat hieruit voortvloei is byv.:
>
> - dat Adam en Noag die volledige stel gene gehad het waaruit dié van al die verskillende rasse ontwikkel het. Elke ras het net daardie gedeelte van sy gene behou wat nodig was om in 'n bepaalde omgewing te oorleef. Die blanke ras het byvoorbeeld slegs die 'blanke' gene behou, wat nodig was vir die Wes-Europese klimaat. 'n Blanke ouerpaar kan ook nie kinders van ander rasse voortbring nie, want hulle het nie meer daardie spesifieke gene nie – hulle is geneties 'verarm'.
> - Kinders uit rasgemengde huwelike is geneties weer ryker as hul ouers omdat hulle albei ouers se gene erf: hulle put uit 'n wedersydse aanvulling van hul ouers se verskillende genepoele.

- Behalwe vir kultuur- en ander moontlike struikelblokke hoef daar dan nie enige beginselbesware teen gemengde huwelike te wees nie. Dit kan inteendeel beskou word as ideaal, omdat dit neerkom op 'n 'terug-ontwikkeling' na die oorspronklike genetiese volledigheid en rykheid van Adam.
- Die taalverwarring en ontwikkeling van die verskillende rasse en kulture was op daardie tydstip God se wil, en die omkering van die proses, naamlik die 'terug'-vermenging van rasse, is net sowel ook sy wil.

Nog 'n populêre siening oor wat werklik gebeur het is dat Adam en sy nageslag een ras was en altyd so gebly het. Die ander rasse was afsonderlik deur God geskep, in heeltemal ander gebiede op die aarde. Die toenemende bederf wat in Gén 6 beskryf word was dié van Adam en sy nageslag, en die doel van die sondvloed was om net húlle (behalwe Noag en sy gesin) te vernietig. Daarom was die sondvloed nie oor die hele aardbol nie, maar slegs oor die area wat op daardie stadium deur Adamiete bewoon was. Lewe op die res van die aarde het onveranderd voortgegaan sonder dat die ander rasse deur die vloed geraak was.

Noag se nageslag was dus Adamiete; daar het nie ander rasse uit hulle ontwikkel nie. Die taalverwarring en verstrooiing by die toring van Babel het dus wel gelei tot verskillende volke maar nie tot verskillende rasse nie. Vandag se Adamiete is geneties steeds dieselfde as die oorspronklike Adam.

Hierdie model impliseer die volgende:

- Rasse is nie geneties aan mekaar verwant deur gemeenskaplike voorouers nie.
- Elke vorm van lewe is afsonderlik deur God geskape. Dit geld ook vir rasse. Vermenging tussen rasse kom dus neer op vermenging van Adamiete met nie-Adamiete, wat anders is as wanneer Adamiete met Adamiete vermeng.
- Vermengings wat in die Bybelse tye plaasgevind het was tussen Adamitiese volke. Dit was nie rasvermenging nie want die ander rasse was nie betrokke nie.

Die twee uiteensettings hierbo is voorbeelde van pogings om die oorsprong van rasse uit die Bybel te verklaar. Daar is baie sulke modelle. Soos reeds genoem vind dit aanleiding deur die skaarsheid van inligting in die Bybel oor wat met Noag en sy direkte nakomelinge gebeur het. Dis maar 'n skrale sewe hoofstukke (Génesis 5-11) en 'n paar tekste in die Nuwe Testament. Hierdie gedeeltes sê ook slegs in breë trekke wat gebeur het en gee nie volledige besonderhede oor wie almal betrokke was of wat presies gebeur het nie. Oor wat byv. in werklikheid gebeur het toe Gam Noag se 'naaktheid gesien het' kan net geraai word. Of neem byv. die taalverwarring by die toring van Babel: dis duidelik dat die mense oor die aarde verstrooi geraak het, maar al wat ons verder in die Bybel sien is dat verskillende volke later naas Israel bestaan het. Hulle het van mekaar en van Israel verskil met betrekking tot kultuur, taal en godsdiens, maar daar word niks oor rasverskille gesê nie.

Pogings om iets oor rasverskille wys te word uit die verhaal van die sondvloed, Noag se nageslag en die toring van Babel, is vergeefs. Dit gaan nie oor rasse nie, maar oor God se bewaring van Adam se nageslag met die oog op die herstel van sy skepping deur Jesus Christus.

## Abraham en sy nageslag

In Gén 11 kry ons Sem se nageslag tot by Abram, uit 'n familie in Ur van die Chaldeërs, min of meer 1 500 km oos van Jerusalem. Abram se vrouens was Sarai, sy halfsuster, en Hagar, 'n Egiptiese slavin, uit wie o.a. Ismael gebore is. Ketura word ook genoem as 'n vrou van Abraham, uit wie ses kinders vir hom gebore is. Dalk was Ketura en Hagar dieselfde persoon, maar die Bybel gee nie uitsluitsel daaroor nie.

Abram trek na Kanaän, die land wat God aan hom en sy nageslag belowe. Daar begin sy nageslag deur Ismael, Isak en nog ander kinders. Isak, sy seun Jakob en dié se twaalf seuns is die uitverkore lyn. Hulle mag nie vermeng met die omringende Kanaänitiese volke nie, soos ons kan sien uit byvoorbeeld Gén 34.

Abraham het seker gemaak dat Isak se vrou uit hul eie familie in Ur kom. Rebekka was 'n kleindogter van Milka, Abram se skoonsuster. Isak het ook sý seun Jakob terugstuur na sy familie om 'n vrou uit die kinders van Laban, Rebekka se broer, te gaan haal. Isak en Jakob was nie toegelaat om met vrouens uit Kanaän trou nie. Esau het dit tog gedoen, tot bitter verdriet van sy ouers (Gén 26:34-35, 27:46, 28:8).

Wat dinge raaiselagtig maak is dat Abram se ander vrou Ketura 'n Egiptiese vrou was. Waarom was Kanaänitiese vrouens verbode maar nie Egiptiese vrouens nie? Kom ons kyk bietjie verder na wat Abraham se kinders en kleinkinders gedoen het:

Isak het blykbaar net een vrou gehad, naamlik Rebekka. Sy seun Jakob het weer vier vrouens gehad, nl. Lea en Ragel (twee halfsusters, dogters van sy oom Laban) en hulle twee slavinne Bilha en Silpa, wie se afkoms nie genoem word nie.

Van Jakob se twaalf seuns lees ons dat Juda 'n Kanaänitiese vrou, Sua, geneem het waaruit seuns gebore is, maar die uitverkore lyn loop nie deur hulle nie. Tamar, sy skoondogter, dra die geslag voort (Gén 38), maar die Bybel sê niks van haar afkoms nie. Miskien was sy ook 'n Kanaäniet soos haar skoonma Sua, maar ons weet nie. Die vraag is nou of Juda dan vrouens gehad het met wie Jakob se seuns nie toegelaat was om te trou nie? Ons kyk na die ander broers: Josef se vrou was Ásenat, die dogter van 'n Egiptiese priester. Die orige 10 seuns se vrouens word nie genoem nie, dus weet ons nie van watter afkoms hulle was nie.

Al wat ons sover kan sien is dat sommige van Abraham se vrouens, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders uit die onmiddellike omgewings, of uit byv. Egipte, gekom het. Dit sê niks oor hulle volkekundige afkoms nie. Iemand se woonplek in daardie tyd en omgewing het in elk geval nie noodwendig sy/haar afkoms bepaal nie. Tensy al die betrokke vrouens, soos byvoorbeeld Tamar, se afkoms nagespeur kan word, kan presiese uitsprake oor Israel se genealogie nie gemaak word nie. Uit 'n ras-oogpunt kan in elk geval geen afleidings gemaak word nie, behalwe dat dit net al hoe duideliker blyk dat al die volke van dieselfde 'ras' was, nl. dié van Adam en Noag.

Uit hierdie nageslag van Jakob ontstaan die volk Israel, met wie JAHWEH omtrent 400 jaar later die Ou-Testamentiese Verbond sluit.

Ons kyk nou uit 'n volkekundige en rasse-oogpunt na die volgende momente in die verdere geskiedenis van Israel in die Ou Testament:

## Moses se vrouens

Dit blyk dat Moses se eerste vrou Sippóra die dogter van 'n priester in Mídian was (Exod 2). Daar word niks van haar voorgeslagte gesê nie. Daar word ook 'n ander vrou van Moses genoem in Num 12:1. Sy was 'Kusities', wat maar net twee moontlikhede insluit, nl. dat sy van die land 'Kus' afkomstig was en/of dat sy 'n nakomeling van Kus, een van Gam se seuns, was. Die land Kus kon Ethiópië (in Oos-Afrika, vêr suid van Egipte) of die gebied ook bekend as Kus in Mesopotamië (Gén 2:13), noord-oos van Jerusalem, wees. Dan was daar dalk ook 'n gebied bekend as Kus in die omgewing van die Rooi see. Sy kon uit enige van hierdie drie lande gekom het. Wat haar 'ras'-identiteit as nakomeling van Kus betref, weet ons reeds dat die Bybel niks daaroor sê nie. Al wat ons kan sê is dat sy 'n Adamiet was.

## Mense van gemengde bloed

Ons lees in Exod 12 dat Israel met hul uittog uit Egipte vergesel was van 'n 'menigte mense van gemengde bloed'. Die KJV noem dit 'mixed multitude'. Die uitdrukking 'gemengde bloed' kom twee keer in die Bybel voor (Exod 12:38, Neh 13:3) en die term 'gemengde bevolking' vyf keer (Num 11:4, Jer 25:20, 24, 50:37, Eseg 30:5). In al die gevalle behalwe Num 11:4 kom dit van die Hebreeuse grondwoord ***ereb*** wat kan verwys na:

die dwars-weefdraad van materiaal,

materiaal wat van gemengde stof geweef is,

mense van gemengde bloed, of

'n klomp mense van verskillende nasionaliteite.

In Num 11:4 is die Hebreeuse grondwoord ***'aspesûph***, wat verwys na 'n gepeupel of 'n groep mense van laer of onsekere afkoms/herkoms.

Met die uitdrukking 'gemengde bloed' impliseer die Afrikaanse vertaling natuurlik bloedvermenging van een of ander aard. In die lig van die volkeresamestellings van daardie tyd en plek is dit maklik om te verstaan dat enige bloedvermenging net tussen Adamitiese volke kon wees, en niks met rasse te doen gehad het nie. Buitendien is die Afrikaanse vertaling ietwat eensydig in die sin dat die woord bloed ingebring word terwyl dit nie spesifiek in die oorspronklike teks voorkom nie. Dalk het die vertalers bloot verskillende nasionaliteite bedoel - 'n deurmekaar samelewing van Adamitiese volke.

## Basters

.
Volgens Deut 23:2 mag basters nie in die vergadering van Jahweh kom nie. Die woord baster in Hebreeus is ***mamzêr***, wat 'n onwettige kind is, gebore uit byvoorbeeld bloedskande, hoerery of 'n huwelik tussen 'n Israeliet en iemand uit 'n volk met wie Israel nie mag vermeng nie. Die woord baster verwys nie noodwendig na rasvermenging nie.

## Rut

Die ras-kaart word gereeld rondgegooi met verwysings na Rut, die Moabitiese vrou met wie Boas getrou het en deur wie Jesus se geslagslyn loop. Omdat die Bybel haar 'n Moabiet noem word verkondig dat sy van 'n ander 'ras' was, wat weer die verdere idee ondersteun dat Jesus nie suiwer 'wit' was nie. Dit is 'n holrug-geryde konsepsie wat spruit uit onkunde oor rasse in die Bybelse tyd.

Ons het reeds gesien dat ander rasse in die Bybellande in daardie tye ongekend was en niks met volkereverhoudinge of bloedlyne te doen gehad het nie.

As ons moet aanvaar dat Rut genealogies 'n afstammeling was van Moab (Lot se seun), dan was sy in elk geval van dieselfde oorspronklike afkoms as Israel, naamlik Abraham se familie. Die feit dat Moab die produk van bloedskande (inteling) tussen Lot en een van sy dogters was, het nie van hom 'n ander ras gemaak nie.

Die ander, dalk sterker moontlikheid, is dat Rut 'n Israeliet was wat met haar familie in Moab gewoon het. Dit was algemeen in daardie tyd want Israel het met hul intog in Palestina die land grotendeels skoongemaak en beset, soos ons lees in o.a. Num 21, Deut 2-3, Jos 13, Rigt 4, en Rigt 11:26. Kyk gerus na 'n kaart van Palestina waarop die stamme van Israel aangedui word. Ruben het die Moabiete se grondgebied gekry. (Die 1953 vertaling van die Bybel het die kaart in.) Maar in die lig van wat hierbo aangetoon is, maak dit in elk geval nie saak of sy 'n Israeliet was nie. Dieselfde geld vir die ander vroue in Jesus se geslagslyn, soos Tamar en Ragab.

### Krygsgevange vroue

Die voorskrifte oor krygsgevange vroue in Deut 21:10-14 kan heel ontnugterend wees indien rasse in die Bybel nog nie mooi verstaan word nie. Die blote feit dat mans van Israel toegelaat was om te trou met vroue uit die geledere van hul vyande, sonder enige verwysing na afkoms of ras, is 'n duidelike teken dat rasse nie ter sake was nie.

### Kan 'n Kusiet sy vel verander?

Daar is een enkele vers, Jer 13:23, wat dikwels gebruik word om die bestaan van rasse in Bybelse tye te bewys. Die vers verwys na die Kusiet wat nie sy vel kan verander nie, as 'n vergelykende voorbeeld ten opsigte Israel se boosheid. Daar word summier aanvaar dat die Kusiet se vel swart was, al staan dit nie in die vers nie. Van watter Kusiet praat Jeremia in elk geval? – ons het reeds gesien dat daar minstens drie verskillende gebiede was waar die land Kus kon gewees het. Om 'n enkele vers, wat boonop nie met sekerheid oor rasse gaan nie, so te vertolk en te gebruik as bewys vir die teenwoordigheid van ander rasse rondom Israel, is naïef, om die minste te sê.

## RASSE IN DIE NUWE TESTAMENT

Die NT raak ook nêrens die onderwerp van rasse aan nie, alhoewel sekere teksgedeeltes algemeen vertolk word asof dit op sekere rasse betrekking het:

### Simon van Ciréne (Mark 15:21)

Hierdie Simon was afkomstig van Ciréne, 'n stad in die destydse Libië, 'n streek wes van Egipte. Daar word eenvoudig aangeneem dat hy swart was, soos vandag se inwoners van Libië. Baie Israeliete het egter daardie tyd in Libië gewoon. Die inwoners van Libië was tweeduisend jaar gelede nie dieselfde as vandag nie.

## Die hofdienaar van Ethiopië (Hand 8:26-40)

Die algemene oortuiging in die kerkwêreld is dat hierdie hofdienaar swart was, 'n burger van 'n land in Afrika met 'n swart bevolking. Dit word dan verder aangeneem dat hy na die tempel in Jerusalem gereis het om daar te aanbid omdat hy 'n 'heiden' was wat Israel se geloof (toe nog die Ou Testament) aangeneem het. Daar is egter geen vaste grond vir hierdie aannames nie:

- die hofdienaar se land van herkoms word wel genoem, maar nie sy persoonlike afkoms nie. Dit kan nie sommer net aangeneem word dat hy, wat sy afkoms betref, 'n Ethiopiër was nie. Die bekende wêreld van daardie tyd was relatief klein en Israel was toe reeds in alle rigtings daarin verstrooi na haar ballingskappe. Baie Israeliete was in slawerny vasgevang, waar sommige baie hoë posisies bereik het. Die hofdienaar was heel waarskynlik een van hulle.
- Ethiopië van 2000 jaar gelede was nie die Ethiopië van vandag nie. Dis bekend dat Ethiopië in sy bloeitydperk was toe die hofdienaar Jerusalem besoek het. Daar was 'n beskawing soortgelyk aan wat Israel in Salomo se tyd beleef het, ook soortgelyk aan 'n beskawing wat van Babilon die top van die nasies van sy tyd gemaak het. Die Semitiese nasies het in daardie tye verskeie sulke beskawings gesien. Na sy bloeitydperk het baie dinge met Ethiopië gebeur. Persië het Arabië, 'n buurland en handelsvennoot van Ethiopië, in 500 n.C. oorrompel. Daarna het Islam opgekom en alles in en om Ethiopië verwoes. Teen 1 100 n.C. het 'n sekere koningin Judith die koninklike familie uitgemoor en hul kultuur en regeringstelsel vernietig. In 1600 n.C. is die land oorstroom en finaal verwoes deur die sg. Galla-Negers, afkomstig uit die suide en weste. So het verskeie ander Afrika-stamme oor die volgende 400 jaar by mekaar oorgeneem om vandag se Ethiopië vir die wêreld na te laat. Ander natuurlike faktore soos byv. droogtes het natuurlik ook deur die geskiedenis 'n invloed gehad op die proses. Hoewel al hierdie gegewens vaag, onvolledig en onakkuraat mag wees, geld dit vir alle geskiedkundige gegewens oor die antieke wêreld. Met eerlike en objektiewe oorweging van al die beskikbare inligting moet erken word dat die ras-identiteit van die hofdienaar in Hand 8 nie goedsmoeds as swart aanvaar kan word nie. Ook hier sê die Bybel dus niks oor rasse nie.

## Daar is nie meer Jood of Griek nie..julle is almal een in Christus Jesus (Gal 3:28)

Hierdie vers en ander teksgedeeltes soos Ef 2-3 word dikwels gebruik ter stawing van die idee dat die Bybel van rasse praat. Maar al daardie teksgedeeltes praat van die eenheid van gelowiges in Christus binne gemeenteverband. Die gemeentes het bestaan uit Israeliete, Grieke en ander mense uit die betrokke omgewings wat, soos ons reeds gesien het, 'n ras-homogene samelewing was. Eenheid in Christus was (en is steeds) iets heeltemal anders as eenrassigheid.

## Uit alle nasies en stamme en volke en tale (Op 7:9-17)

Nadat die 144 000 uit die twaalf stamme van Israel verseël is teen die skade wat aan die aarde, see en bome aangerig sou word (Op 7:1-8), sien die apostel Johannes die gesig van 'n ontelbare menigte 'uit alle nasies en stamme en volke en tale', wat in heerlikheid voor die troon van die Lam staan. Teenstrydig met hierdie teks se bedoeling word die menigte dikwels voorgestel asof hulle alle rasse verteenwoordig. 'n Ontleding van die teks openbaar 'n ander, meer sinvolle uitleg:

Die uitdrukking 'uit alle nasies en stamme en volke en tale' (v 9) kom dikwels in die Bybel voor, en in die meeste gevalle het dit betrekking op die verstrooiing van Israel tussen al die nasies, stamme, volke en tale in die wêreld (sien byv. Lev 26:33). JAHWEH het belowe dat Hy hulle weer sou terugbring en herstel (sien byv. Eség 39:27-29). Dit is 'n hooftema in die Bybel wat soos 'n goue

draad van Génesis tot Openbaring strek. Die groot menigte van v 9 as herstelde Israel pas veel beter by hierdie bekende patroon in as by 'n uitleg wat die teks op rasse van toepassing probeer maak.

Wat betref die groot verdrukking waaruit hierdie menigte kom: soos met al die verdrukkings van Israel deur die geskiedenis, was die verdrukkings waardeur gelowiges in die Nuwe-testamentiese tye gegaan het hoofsaaklik gerig op mense van een soort, naamlik die vroeë Christene van Judea, Galilea en Klein-Asië wat onder die Romeinse verdrukkings gebuk gegaan het, en hulle nageslag wat eeue later in Wes-Europa deur die Roomse kerk vervolg is. Hul getalle die afgelope 2 000 jaar is enorm. Alhoewel klein getalle swart en byv. Chinese Christene die laaste paar honderd jaar ook verdruk en vervolg is, gee dit nie genoeg substansie vir 'n argument dat die groot menigte van v 9 bedoel om verskillende rasse te verteenwoordig nie.

Die Nuwe Testament het begin in die gebiede rondom die Middellandse See, Egipte en die res van die Midde-Ooste van 2000 jaar gelede. Daardie deel van die geskiedenis, saam met die voorbeelde hierbo, bevestig dat die mense van daardie omgewing en tyd 'n ras-homogene versameling van nasies was (anders as wat vandag die geval is).

Hoe meer mens daarna kyk, hoe duideliker raak dit dat die Bybel niks oor verskillende rasse sê nie. 'n Belangrike vraag wat dan tereg gevra kan word is: waarom nie? Dit is tog vandag so 'n aktuele werklikheid wat met soveel spanning, konflik en geloofsworsteling gepaard gaan! Daar is maar slegs twee antwoorde wat met sekerheid gegee kan word. Eerstens, dat God dit in sy alwysheid so beskik het, en tweedens, dat rasse eenvoudig nie ter sprake was in Bybelse tye nie. Rasseverskeidenheid was nie 'n sosiale verskynsel soos ons dit vandag ken en beleef nie. Die volke in die bekende wêreld van daardie tyd was geografies baie naby mekaar en genealogies naby verwant aan mekaar. Die ander rasse was nog nie deel van hulle wêreld nie. Oor nog moontlike redes vir die Bybel se stilswye oor rasse kan seker net bespiegel word.

## MODERNE NASATE

Daar is net een 'ras' wie se oorsprong en geskiedenis deur die Bybel bekend gemaak word, naamlik Adam en sy nakomelinge. Ons identifiseer volkome met hulle, want ons weet dat ons van hulle afstam. Ons geloof in, en liefde vir Jesus harmonieer ook met ons aanvoeling met Adam en sy nakomelinge en met Israel in besonder. Dit is waar ons wortels is – nie net geestelik nie, maar op een of ander manier tog ook fisies. Die volke waarvan ons eie volk afstam is immers al baie eeue lank die bakermat en draers van die Christelike geloof. Hulle – en ons – pas eenvoudig nie in by ander godsdienste of kulture nie.

As daar 'n volkekundige waarheid is wat nie bekend mag wees nie, dan is dit dat die inwoners van die Wes-Europese lande die moderne nasate van die Bybelvolke is. Dit sluit natuurlik dié van hulle in wat die laaste paar eeue uitbeweeg en ook in Suid-Afrika, Australasië en die Amerikas 'n heenkome gevind het. Daar is heelwat leidrade wat na hierdie waarheid lei. Hier is enkeles:

- Die Bybelgeskiedenis het in die Midde-Ooste afgespeel, wat nie te vêr van Wes-Europa is nie. Dit was redelik bereikbaar en aantreklik om heen te migreer. Dit maak net sin dat Bybelse volke met verloop van tyd in daardie rigting beweeg het.

- Die apostel Paulus se sendingreise het ook in daardie rigting gelei, nl. Griekeland, Italië, Spanje, ens. Hy was op die spoor van daardie mense. Dit het sy stamgenote en die sg. 'heidene' – die nakomelinge van die verlore tien stamme van Israel – ingesluit.
- Die genealogiese kontinuïteit van Ou Testament-Israel tot by die eerste Christene in Jerusalem en Klein-Asië, en van hulle af verder tot by die eerste-eeuse en latere Christelike wêreld van Wes-Europa, was soomloos. Die ononderbroke lyn van daar af verder tot by ons vandag is algemeen bekend. Dit is die Adamitiese lyn wat soos 'n goue draad dwarsdeur loop.
- Daar is kultuur- en leefstylpatrone van die Bybelse volke wat betekenisvolle ooreenstemmings toon met die Westerse kulture van vandag. Bybelse inligting oor daardie volke vind diep aanklank by ons, en ons kan daarmee identifiseer vanuit ons eie leef- en denkwyses.
- Die draers van God se Woord en die skrywers, drukkers en verspreiders van die Bybel was altyd binne die Wes-Europese volkere. Hulle was ook oor al die eeue heen die uitvoerders van die Evangeliese sendingopdrag.

Die volgende perspektiewe moet behou word:

- Die volk Israel was van sy begin af 'n klein gedeelte van die totale Adamitiese geslag. Die Sem-Abraham-Israel-geslagslyn is maar een van baie wat uit Sem self en die ander twee broers Gam en Jafet ontwikkel het. Dit moet dus verstaan word dat Israel se nakomelinge onder die Westerse volkere ook 'n klein persentasie kan wees. Daarom aanbid net 'n deel van die Westerse volke die ware God, terwyl die res in 'n staat van ongeloof en afgodery voortgaan, net soos hul Ou-Testamentiese voorouers.
- Die algemene oortuiging is dat vandag se Jode die nageslag van Israel is. Die twee hoofredes daarvoor is die gebruik van die woord *Jood* vir Israel in die Bybel, met die gepaardgaande aanspraak van die hedendaagse Jode dat hulle die ware Israel is. Die meeste Jode is egter nie Israel nie, maar afstammelinge van die ou Khazar-volk van Oos Europa. Die Khazare het ongeveer 740 n.C. 'n vorm van Judaïsme as geloof aangeneem vir politieke redes. Teen die einde van die Khazar-ryk het hulle oor die wêreld begin versprei en orals as Jode bekend geword. Ander hedendaagse Jode se herkoms is onduidelik of onbekend, en slegs 'n klein aantal van hulle is ware nakomelinge van Israel. Wanneer mens eers die rol verstaan wat die Joodse geldmag, die Sionisme en die Judaïsme speel in die stryd teen Jesus Christus en sy volgelinge, word dit heeltemal duidelik dat hulle nie Israel is nie. Sien ook LEWENSWOORD se studie oor ISRAEL, waar verduidelik word dat die hedendaagse Jode en die moderne staat Israel nie inpas by die eindtydgebeure en voorspellings oor Israel nie. Soos reeds aangetoon, is die ware nasate van Israel eerder Wes-Europese volke of kenbare groepe binne die Westerse nasies.

Kennis van ons eie oorsprong en vroeë geskiedenis kom nie deur die wêreld se wysheid en kennis nie, maar uit die Woord van God. Dit is nie diskriminasie teen enige ander volke of rasse nie, maar bloot feite. Die vraag is of ons dit wat ons van onsself weet wil verswyg ter wille van politieke korrektheid, en of ons dapper genoeg is om die wêreld in die oë te kyk met hierdie waarheid. Die waarheid is tot niemand se nadeel nie, maar tot almal se voordeel, as dit met verantwoordelikheid en nederigheid teenoor God uitgeleef word. Ons vyand die Satan wil ons stroop van selfkennis en ons vernietig, om sodoende God se skepping te vernietig. Sy plan gaan misluk, en ons moet maar net die waarheid liefhê en vashou in afwagting op die herstel van alle dinge.

# DIE BYBEL OOR AFSONDERLIKHEID

Alhoewel die Bybel niks oor ander rasse sê nie gee dit reguit, ondubbelsinnige en duidelike riglyne oor die volkekundige beginsel van afsonderlikheid. En dis hier waar die betekenis en bedoeling van God se woord reg verstaan en eerlik vertolk moet word. Ons kyk weer na die Ou en dan die Nuwe testament.

## AFSONDERLIKHEID IN DIE OU TESTAMENT

Ná die toring van Babel word afsonderlikheid 'n hoogs aktuele en belangrike tema in die Bybel. Mens kan wonder hoe taalverwarring so kragtig kon werk om mense uitmekaar te laat spat en aparte volke te vorm. Dan is dit ook baie interessant dat daardie einste volke na die verstrooiing tog weer goed met mekaar gekommunikeer het want hulle het oor en weer handel gedryf en selfs met mekaar ondertrou, waarvan daar baie voorbeelde is. Dit is te verstane, want hulle het nie onbereikbaar ver van mekaar af gewoon nie, het mekaar nog goed geken en was immers voor die tyd 'n homogene gemeenskap. Maar God se wil het nogtans geskied deurdat verskillende volke ontwikkel het, met duidelike grense. Kyk byv. na Deut 32:8-9. Die geskiedenis bewys dat daar ook nooit weer so 'n ingryping deur God nodig was nie, want wat Hy ingestel het werk vandag steeds net so.

Die rede vir die vorming van aparte volke word gedeeltelik gegee in Gén 11:4-6, naamlik om te verhoed dat die mens vir homself 'n naam maak, 'n menslike magsblok vorm en sy eie pad na volkomenheid soek. Die res van die antwoord kom uit Hand 17:26-27, waar Paulus aan die hoogmoedige Athéners verduidelik dat afsonderlikheid tussen volke bevorderlik is vir die soeke na God.

Wat Israel betref, het God sy volk se afsonderlikheid en heiligheid verseker deur alle vorms van vermenging met ander volke streng te verbied. Ongehoorsaamheid was dikwels swaar gestraf. Hier is 'n paar uitstaande voorbeelde:

> Israel is deur die Wet verbied om met die Kanaäniete te vermeng. Ons lees daarvan in Exod 23:31-33, 34:11-16, Deut 7:1-8 ens.
>
> In Num 23:9 dwing God die profeet Bileam om te bevestig dat Israel afgesonderd woon en hulle nie tot die nasies reken nie.
>
> In Num 25 sien ons hoe Israel met die Moabiete gehoereer het en met 'n plaag getref is wat meer as twintig duisend lewens geëis het.
>
> In die boek van Joshua lees ons hoe Israel verwoesting gesaai het onder die volke in Kanaän en hulle met die banvloek getref het.

Nadat Israel beheer verkry het oor die hele landstreek van Kanaän, het iets baie interessant gebeur: Joshua verdeel die land onder die twaalf stamme (Num 34, Jos 13-22). Hulle was nog steeds een volk, maar elke stam wou sy eie grondgebied hê om daar te woon! Dit is 'n prag-voorbeeld van die mens se natuurlike neiging tot groepvorming en afsonderlikheid, sonder haat- of hoogmoedgedrewe motiewe.

Die res van Israel se lewe in Kanaän is gekenmerk deur konflik met hul bure, met hul status en roeping as uitverkore en aparte volk as die onderliggende motief. Selfs die stamme was soms met mekaar in botsing in gevalle van wangedrag. So was die stam van Benjamin byna uitgeroei deur die ander stamme van Israel nadat 'n gruweldaad gepleeg was (laaste drie hoofstukke van Rigters).

Na die terugkeer van 'n oorblyfsel van die tweestammeryk uit die Babiloniese ballingskap het 'n klein oorblyfsel van Israel hul onder leiding van Serubbábel, Esra en Nehemia opnuut bekeer tot gehoorsaamheid aan die Wet. Daarna het hulle vinnig in konflik met die omringende nasies en vreemde groepe gekom. Dit het alles te doen gehad met Israel se uitverkorenheid, afsondering en spesiale missie, nl. om Jerusalem te herbou en die volk weer te herstel. Die volgende het gebeur:

Met hul aankoms in Jerusalem het Esra en Nehemia hulle vasgeloop in 'n gewoonte by die volk om met die heidense nasies in die omgewing te ondertrou. Dit het begin na die vroeëre aankoms van die eerste bannelinge onder leiding van Serubbábel (Esra 9-10, Neh 13). Esra en Nehemia het dit in so 'n ernstige lig beskou dat hulle 'n onwrikbare bevel uitgevaardig het om dit stop te sit. Die oortreders het hul sonde erken en die bevel in gewillige verootmoediging gehoorsaam. Hulle het van hul vreemde vroue en kinders afstand gedoen en hulle weggestuur, en hulle opnuut van die omringende volke afgesonder. Dit moes voorwaar 'n sware en hartseer gebeurtenis gewees het wat seker ook 'n tyd geneem het om te voltooi, maar dit was absoluut noodsaaklik. Die volk se getrouheid aan die Wet en hul verhouding met hul God JAHWEH was hul hoogste prioriteit.

Vermenging van Israel met ander volke was verbode - nie oor rasverskille nie, maar om te voorkom dat Israel verlei word na afgodery en sy haar status as Jahweh se uitverkore, afgesonderde en heilige volk sou verloor. Daar is talle teksgedeeltes wat dit pertinent so verklaar, soos byv. Exod 23:23-24, 32-33, 34:11-16, Deut 7. Die ander volke, wat nie nabye verhoudings met Jahweh gehad het nie, was uitgelewer aan totale geestelike verval en afgodery van alle soorte. Onder Satan se aanvoering was hulle 'n strik vir Israel, om hulle van JAHWEH te vervreem. Ondertrouery sou die heel maklikste en vinnigste manier wees om Israel tot in sy kern te infiltreer en geestelik te vergiftig. Haar fisiese afsondering van die ander volke was noodsaaklik. Tydens die duur van die Ou Testament was Israel 'n nasionale entiteit, 'n bepaalde volk, 'n wêreldnasie met 'n unieke volksidentiteit, -kultuur, -taal en -godsdiens. Haar doel was om in geestelike suiwerheid en heiligheid in die Sinaïtiese verbond met Jahweh te bly sodat – en totdat – Jesus Christus uit haar gebore sou word.

Kom ons kyk nou ook na wat die Nuwe Testament aan ons openbaar oor afsonderlikheid:

## AFSONDERLIKHEID IN DIE NUWE TESTAMENT

Afsonderlikheid tussen lande en volke het in die Nuwe Testament op dieselfde patroon voortgegaan as in die Ou Testament. Israel het hulle tussen 'n groot verskeidenheid lande en volke bevind in Jesus se tyd. Daar was byvoorbeeld Italië, Griekeland, Spanje, Arabië, Líbië, Fenisië, Egipte, Asië, en 'n aantal kleiner of minder prominente lande soos Kreta, Dalmasië en Masedonië. Alhoewel baie van daardie lande onder beheer van die Romeine (Italië) was, het elkeen sy eiesoortigheid en afsonderlikheid tot 'n redelike mate behou. In vergelyking met daardie tye is die hedendaagse volkerewêreld massief, waar verskeidenheid, andersheid en afsondering nie verminder het nie, maar eerder toegeneem het.

Die Bybel is duidelik daaroor dat afsonderlikheid tot in die verre toekoms – selfs tot ná Jesus se wederkoms – sal geld:

- Die profeet Daniël het voorspel dat menslike vermenging nie sal slaag nie, voordat alle aardse koninkryke beëindig word (Dan 2:43).
- Jesus het aan die apostel Johannes geopenbaar dat alle nasies en stamme en volke en tale aan die einde nog bestaan (Op 7:9).
- Die Satan gaan gebind en toegesluit word sodat hy die nasies nie kan verlei nie, totdat die duisend jaar voleindig is (Op 20:3).
- Na Satan weer losgelaat word, gaan hy die nasies verlei en versamel vir oorlog teen die heiliges (Op 20:7-10).
- Die nasies van die wat gered word, gaan in die lig van die nuwe Jerusalem wandel (Op 21:24).

Daar is geen aanduidings in die boeke en briewe van die Nuwe Testament dat verskeidenheid en afsonderlikheid tussen lande en volke 'n probleem is of teen God se wil is nie. In Hand 17:26-27 verduidelik Paulus vir die Atheners dat verskeidenheid en afsonderlikheid juis deur die wysheid van die enige God ingestel is sodat Hy gesoek en gevind kan word.

Die Nuwe Testament bevestig net nog verder dat volke-afsonderlikheid 'n fundamentele aspek van menswees is, 'n skeppingsbeginsel wat deur God self ingestel is.

Dis belangrik om ook altyd in gedagte te hou dat afsonderlikheid nie iets is wat op sy eie bestaan nie. Afsonderlikheid is soos die een kant van 'n munt, waar die ander kant eenheid is! 'n Volk wil hom afsonder van die buitewêreld om eenheid aan sy binnekant te kan hê. Die natuurlike skepping van God is propvol voorbeelde daarvan. In die natuur groepeer byv. insekte en diere volgens soort, sodat elke soort in sigself 'n homogene eenheid kan bly. Van gewone boerdery af tot in die wetenskap en tegnologie kan gesien word hoe dinge gegroepeer en geskei word om suiwerheid te bewaar en effektiwiteit te verseker.

Met mense werk die net so: 'n volk kan net 'n volk wees as daar afsondering van ander volke is. As 'n volk met ander volke vermeng kom daardie volk se identiteit en voortbestaan in gedrang.

Ons moet dan ook kyk wat die Bybel sê oor eenheid:

## DIE BYBEL OOR EENHEID

Daar is een vorm van menslike eenheid in God se plan vir die mens, naamlik eenheid binne volksverband. Elke volk en elke nasie vorm ’n eenheid in sigself. Dit blyk heeltemal duidelik uit die beskrywings van die verskillende volke van wie ons in die Bybel lees. Egipte was byvoorbeeld ’n magsblok as wêreldmoondheid van sy tyd. Alles was onder streng beheer van die Farao, wie se wette en reëls stiptelik nagekom was. Dan was daar die koninkryk van Babel onder Nebukadnesar, wat weereens ’n toonbeeld van eenheid en eendragtigheid was.

Die Bybel fokus op God se uitverkore volk Israel, wat deur God saamgeroep is, met wie Hy ’n Verbond gesluit het, en wat onder die Wet gelewe het. Dit was ’n volk wat waarlik in sy tyd die voorbeeld van eenheid en eendragtigheid was. Hulle was heeltemal afgesonder en apart van al die ander volke.

In die bedeling van die Ou Testament was die eenheid binne Israel soortgelyk aan dié van ander volke. Hulle was een enkele volk, onder een leier. Na hul intrek in die beloofde land het ander leiers en konings gevolg. Daar was altyd eenheid binne een geografiese gebied en een nasionale ekonomie. Die eenheid was fisies en uiterlik, maar natuurlik ook innerlik en van harte, gedrewe deur patriotisme en gehoorsaamheid aan JAHWEH.

Aan die einde van die Ou Testament het nasionale Israel alles verloor en tot niet gegaan. Hulle het oor die hele wêreld verstrooi geraak, sonder ’n land van hul eie, sonder koning, sonder die tempel, sonder die Wet en sonder God. Alle tekens van eenheid as volk was vir altyd weg.

### ’N NUWE ISRAEL

Intussen het die Nuwe Testament aangebreek, waarin ’n nuwe Koninkryk met ’n nuwe Koning en ’n nuwe volk verskyn het. Hierdie Koninkryk was nie deel van hierdie wêreld nie (Joh 18:36), sy grondgebied was elders. Dit was ook in eenheid, naamlik die eenheid binne Jesus se Koninkryk. Kom ons kyk in die Bybel na enkele beskrywings daarvan:

> Hand 2:5, 38-43
>
> En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie onder die hemel.
>
> ..... En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit.

Gelowige Israeliete ‘uit elke nasie onder die hemel’ was as 'n eenheid saamgevoeg as die eerste gemeente van Christus.

> 1Kor 12:12-13
>
> Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

Die hele hoofstuk 12 van hierdie brief van Paulus aan die Korinthiërs gaan oor die eenheid van die gemeente. Die lede van die gemeente kom uit verskillende dele van die samelewing, maar hulle vorm een geestelike 'liggaam'.

Die voorbeelde hierbo toon dat die menslike eenheid in Jesus se koninkryk nie die gewone wêreldse vorms van kulturele of politieke eenheid is nie. Dit is 'n geestelike eenheid, wat gevorm word deur mense wat nie meer gelykvormig aan die wêreld is nie (Rom 12-15). Ons is innerlik nuwe skepsels (Rom 6:4, 2Kor 5:17). Die geestelike eenheid binne God se koninkryk vind nou al reeds beslag in Jesus se gemeentes (Ef 4).

In die Nuwe Testament verskyn ’n nuwe volk uit Israel, naamlik daardie oorblyfsel uit die twaalf stamme wat Jesus as hul beloofde Verlosser aanvaar. Hulle is 'n geestelike huis (1Pet 2:5) en die liggaam van Christus (Rom 12:5). Hulle bestaan in die vorm van sy gemeentes. Die gemeentes is oor die hele aarde verstrooi, maar hulle is geestelik bymekaar in hul 'beloofde land' (Filip 3:20), en geseën met die beste van God se rykdom en vrede. Hierdie heerlike toestand was dikwels in die OT voorspel, en dit word nou vervul in die NT, soos ons dit al 2 000 jaar lank beleef.

Dan is dit ook geen wonder dat Jesus Hom nie bemoei het met die politiek van die dag waar Hy en die oorblyfsel van sy volk Israel hulle bevind het nie. Die Judeërs, Galileërs en Samaritane was byvoorbeeld drie provinsies met verskillende kulture, maar Jesus het nooit laat blyk dat dit 'n probleem was nie. Sy apostels het hulle ook nooit met die politiek van die dag bemoei nie.

Eenheid binne hierdie nuwe Israel van God het gepaard gegaan met afsondering van die wêreld; as die gemeentes van Jesus moes hulle heilig bly. Dit was verseker deur geestelike afsondering. Die volgende voorskrifte is o.a. aan hulle gegee:

- om nie buite die geloof te trou nie (1Kor 7:39). Iemand wat met 'n ongelowige in die huwelik tree, sal uiteindelik deur daardie persoon van sy/haar suiwer geloof en toewyding aan Christus beroof word.
- om te vlug vir die afgodediens (1Kor 10:14).
- om heilig te lewe, in geestelike afsondering van ongelowige bure en kollegas in die werksplek (2Kor 6:14-18, 1Tim 5:22).
- om weg te bly van dwaalleraars (2Joh 1:10-11)
- om uit die geestelike Babel van die wêreld en die vals kerk uit te gaan (Op 18:4-5)

Die volgende baie belangrike insig moet beklemtoon word:

- Die eerste gemeente in Jerusalem het slegs uit Israeliete bestaan. Dit blyk duidelik uit Hand 2 verse 5, 14, 22, 23, 36, 46 en 47. Dat hulle fisies saam kon woon (vv 44-46) was dus vanselfsprekend. Daar was nie kulturele of politieke vermenging van enige aard nie.
- Gemeentes wat later op ander plekke in die wêreld gestig was, het binne die kulture en gewoondtes van daardie betrokke omgewings gefunksioneer.
- Die eenheid in Jesus se koninkryk het nie tot vermenging van kulture gelei nie.
- Gemeentelede se burgerskappe van hul onderskeie stede of lande het nie opgehou nie. Dit was nie deur hul burgerskap van die nuwe Israel vervang nie.

Die reël wat duidelik uitstaan is:

EENHEID IN DIE NUWE ISRAEL
IMPLISEER NIE FISIESE, KULTURELE OF POLITIEKE EENHEID NIE

## NAASTESKAP

Daar is 'n belangrike verband tussen naasteskap en rasseverhoudinge. Die regte verstaan van die naastebegrip lei na 'n werkbare basis vir goeie verhoudinge met ander rasse, terwyl wanbegrippe daaroor al so dikwels in die geskiedenis verkeerde benaderings tot mekaar, wanverhoudinge, skuldgevoelens en geloofsontnugtering veroorsaak het. Kom ons kyk hoe die Bybel dit verklaar.

> Die Hebreeuse woord vir *naaste* in die Ou Testament is ***rea***, wat kan verwys na dinge wat naby mekaar of teenoor mekaar is (byv. Gén 15:10). Dit verwys meesal na mense, soos byv. medewerker (meer of minder intiem), broer, metgesel, meedoener, vriend, eggenoot, minnaar, buurman, volksgenoot, of enige ander persoon met wie mens persoonlik te doen mag kry. Die konteks waarin die woord gebruik word wissel van situasies waar dit niks met liefde te doen het nie, tot baie innige verhoudings tussen vriende en in gesinne.
>
> In die Nuwe Testament is die Griekse woord ***plésion***, wat kan verwys na iets naby jou, soos byv. 'n dorp (Joh 4:5) maar meesal na 'n ander mens soos 'n vriend, 'n vreemde persoon, buurman, volksgenoot, mede-gemeentelid of enige ander persoon met wie mens te doen kry.

Die beste verduideliking van die naastebegrip kom sekerlik uit die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, in Luk 10:25-37. 'n Wetgeleerde vra vir Jesus wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe, en Jesus antwoord hom met die teenvraag: wat lees jy in die Wet? Die wetgeleerde antwoord: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself. Jesus beaam sy antwoord, maar die wetgeleerde daag Hom verder uit met die vraag: en wie is my naaste? Dalk het hy gehoop om Jesus met hierdie vraag in 'n strik te lei, want net wetsgehoorsame Israeliete was beskou as mekaar se naastes, terwyl Jesus met alle mense en selfs met lede van ander volke in sy omgewing omgegaan het. Jesus antwoord met die gelykenis van 'n Samaritaan wat 'n weldaad aan 'n 'sekere man' bewys. Dalk was dit 'n Israeliet (Judeër), aangesien hy van Jerusalem af gereis het. Die Judeërs was ander volke vyandiggesind en het hulle nie as hulle naastes gesien nie. Jesus het dit met die gelykenis as foutief uitgewys, want aan die einde vra Hy: wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het? Die wetgeleerde moes erken: hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Jesus sê toe vir hom: gaan en doen jy net so!

Die les van die gelykenis lê in die omdraai van die wetgeleerde se vraag: *wie is mý naaste?* na: *wie se naaste is ék?* En die antwoord is: ek is die naaste van enigiemand wat my barmhartigheid benodig. Die wetgeleerdes se naastebegrip was gewortel in 'n polities-godsdienstige idee dat net Israeliete mekaar se naastes kon wees. Dit was 'n vals vertolking van die Wet (Lev 19:33-34).

Rasse of rasseverhoudinge is glad nie ter sprake in die gelykenis nie. Predikers en politici maak dit egter wel knaend op rasse van toepassing, en moedig daardeur 'n gees van twyfel, politieke oorgawe en rasvermenging aan. Dis een van die baie maniere waarop die Bybel as 'n politieke hefboom gebruik word. Daar word geredeneer dat die verdeeldheid tussen die Judeërs en die Samaritane 'n vorm van rasse-afsondering was, sodat dit as voorbeeld aan ons voorgehou kan word vir verhoudings met die ander rasse. Met hierdie soort redenasie word onkundige Christene onkant gevang en oorgehaal tot erkenning van gebrekkige naasteliefde, in besonder teenoor ander rasse. Die ware agtergrond van die gelykenis ontbloot die valsheid van sulke ras-gerigte benaderings:

- Die wetgeleerdes en Fariseërs het mense in groepe en klasse ingedeel, en dan besluit dat sekere groepe/klasse nie hul naastes was nie. Die Samaritane was so 'n groep, maar ook byvoorbeeld die arm, ongeletterde gepeupel onder Israel (Joh 7:49).
- Die verskille tussen die Judeërs en die Samaritane was ten opsigte van afkoms en godsdiens,

en nie ten opsigte van ras nie. Die Samaritane was honderde jare vroeër deur die Assiriërs uit vreemde lande oorgebring om Samaria te bewoon. Alhoewel vreemde kulture en godsdienste saam met hulle ingekom het (2Kon 17:24-41) was hulle genealogies aan mekaar en aan Israel verwant in terme van hul gemeenskaplike Adamitiese oorsprong en Midde-Oosterse herkoms.

Vandag se wêreldbevolking is heeltemal anders, waar verskillende rasse baie prominent is. Die gelykenis se vertolking word nou kunsmatig hierby aangepas om die rassevraagstuk te akkommodeer. Dis pragmatiese, vals en lafhartige teologie.

Terug by die les van die gelykenis: enigiemand wat my barmhartigheid benodig is op daardie oomblik my naaste. Dit is 'n fundamentele beginsel. Dit beteken dat my houding teenoor alle mense een van onvoorwaardelike naasteliefde moet wees. Dit is die een kant van naasteskap. Maar daar is ook 'n ander kant, wat die uitvoering van naasteskap reguleer en moontlik maak. Dit behels die volgende **beginsels**, **grense** en **reëls**:

- Elke ras op aarde het sy eie identiteit en kultuur. Elkeen respekteer ander rasse se eiesoortighede maar het nie 'n begeerte om te vermeng nie, want elke ras is trots op homself en sy kultuur. Rasse gun ander rasse die geluk en vrede wat elkeen binne sy eie afsonderlike lewensruimte vind. Die geskiedenis van ons eie land bewys dat die verskillende rasse tot vrede en welwillendheid in staat is. Ja, daar is dikwels konflik en vyandskap, maar nie deur gebrek aan naasteskap nie. Konflik en vyandskap word veroorsaak deur magte met polities- en geld-gedrewe motiewe, waardeur Satan sy aanslae op ons samelewings loods. Naasteskap tussen rasse is moontlik, mits dit volgens die Godgegewe beginsels, grense en reëls van rasse-naasbestaan gedoen word.

- Volke van dieselfde ras is na aan mekaar verwant en kan maklik vermeng. Selfs taal-en kultuurverskille word dikwels oorbrug wanneer individue in mekaar se samelewings opgeneem word deur huwelike, vrywillige assosiasie, werksgeleenthede, ens. Die geskiedenis van Israel is vol pragtige voorbeelde daarvan, soos ons reeds gesien het. In sulke gevalle werk naasteskap met die beginsels, grense en reëls vir naverwante volke.

- Binne eie volksverband is verhoudinge nog nader. Vir gelowiges strek dit tot in gemeenteverband, waar ons medelede van die liggaam van Christus is (1Pet 1:22, 4:8-10). Naasteskap werk hier met beginsels, grense en reëls binne volksverband.

- Die kleinste eenheid van 'n volk is die gesin, waar naasbestaan baie spesiaal is (Ef 6:1-4). Naasteskap werk hier met die beginsels, grense en reëls vir die gesin.

- Liefde tussen man en vrou is die mees intieme vorm van naasbestaan en 'n beeld van Christus se verhouding met sy gemeentes (Ef 5:31-33). In hierdie ruimte werk naasteskap met die beginsels, grense en reëls vir die huwelik.

- Die finale vorm van naasbestaan is tussen ’n mens en God, en daar werk die beginsels, grense en reëls vir bestaan teenoor, en in God.

Die skema hierbo is 'n manier om te illustreer dat naasteskap op elke gebied van die lewe sy eie stel beginsels, grense en reëls het. Dalk is dit waaraan Gal 6:10, 1Thess 3:12 en 2Pet 1:7 raak. Om hierdie veelvormigheid te ignoreer of te verander sal die uitlewing van naasteliefde onmoontlik maak. Die Duiwel wil dit hê, en probeer dus om God se verskillende instellings te vernietig.

Die Bybel gee die beginsels en riglyne vir menseverhoudings en naasteskap. Vir gelowiges wat dit reg verstaan lei dit na goeie, Bybelgefundeerde rasseverhoudinge.

# ANTWOORDE OP DIE RASSEVRAAGSTUK

Politici, sosiale meningsvormers en geestelike leiers bied menslike oplossings deur regeringstelsels, sosiale hervorming en nuwe geloofsisteme, asof dit die ras-dilemma kan hanteer. Die realiteit is egter dat niks sal werk wanneer afsonderlikheid en eie identiteit vernietig en rasse saamgedwing word nie. Die rasse-situasie in die wêreld stuur derhalwe af op 'n ramp wat nie weer omgekeer sal kan word nie. Die ongelowige wêreld het nie 'n oplossing nie, want hul lewens- en wêreldbeskouing is gegrond op die humanisme – die selfaanbidding van die mens wat sy eie pad wil loop en sy eie bestemming wil bepaal. Dit misluk altyd klaaglik, soos die geskiedenis bewys.

Vir die Christen is daar egter antwoorde, want sy lewens-en wêreldbeskouing is op Bybelse beginsels gegrond. As Christene kan ons die rassevraagstuk dan as volg beantwoord:

- Die vorming van afsonderlike groepe en volke is 'n natuurlike, ingeskape neiging by mense, wat volgens God se wil is. As dit reg is vir groepe wat van dieselfde ras, dan is dit ook reg vir groepe van verskillende rasse. As Christen hoef ek my nie te skaam vir die ras en volk waaraan ek behoort nie. Dit is my reg om met my eie soort te assosieer en ander uit te sluit.
- Bewerings dat alle mense dieselfde oorsprong het, dat rasverskille nie van veel betekenis is nie en dat rasvermenging reg is, kan nie wetenskaplik of uit die Bybel bewys word nie. As Christen hoef ek my nie te laat intimideer deur die wêreld se slim, maar oneerlike argumente nie.
- Dat rasse beduidend van mekaar verskil is oogluikend genoeg. Rasse se weersin teen vermenging is in ooreenstemming met God se skepping van verskeidenheid. Mense wil bly soos hulle geskape is. As Christen kan ek so leef, sonder haat of hoogmoed teenoor ander.
- Afsonderlikheid verhoed vermenging, beskerm rasidentiteit en verseker vreedsame naasbestaan. As Christen mag ek en my volk ons afsonder sonder om daaroor skuldig te voel.
- Die laaste vers van Gén 1 sê dat alles wat God gemaak het baie goed was. Daarom respekteer en waardeer rasse mekaar se kultuur, taal, tradisie, uiterlike voorkoms en besondere genetiese rykdom. Dit werk met die Bybelse **beginsels**, **grense** en **reëls** vir **rasse-naasbestaan**.

Soos volke en nasies tans bestaan en na Jesus se wederkoms steeds gaan bestaan, gaan daar sekerlik ook steeds verskillende rasse wees. Wanneer volke van dieselfde ras vermeng behels dit die vermenging van taal, kultuur en godsdiens, wat klaar nie in hul beste belang is nie. Waar verskillende rasse vermeng vind boonop 'n biologiese versmelting plaas wat onomkeerbaar is en die oorspronklike rasse stelselmatig na ’n nuwe ras verander. Dit is ingrypend. Eenwording het baie fasette en implikasies, en kan baie drasties wees. Afsonderlikheid tussen volke en ook tussen rasse is 'n orde-beginsel in God se skepping, waarmee die mens nie in eie wysheid behoort te peuter nie.

'n Storie wat gereeld in ras-gesprekke vertel word is dat vermenging in elk geval reeds so ver gevorder het dat nie meer gesê kan word wie van watter ras is nie. Sommiges raak so oormoedig met dié wysheid dat hulle jou ook sal inlig dat ons almal eintlik klaar vermeng is – net in verskillende 'grade'! 'n Antwoord vir hierdie argument lyk miskien ingewikkeld of onmoontlik, maar dis tog baie eenvoudig.

Ons het vroeër gesien dat rasse nie wil vermeng nie, en as hulle in vrede gelaat word sal hulle ook nie. Elke oorsponklike rassegroep het 'n kern wat streng hou by hul suiwerheid, al is daar aan die buiterand 'n geneigdheid om te vermeng. Die rand is sag, skilfer maklik af en word deur die buitewêreld opgeneem. Die natuur bied baie voorbeelde van hierdie proses. 'n Boom se stam het

byvoorbeeld 'n harde kern, maar aan die buitekant skilfer die sagte bas gedurig af. Die afskilfering is min in vergelyking met die binnekant van die stam. Net so sal vermenging van rasse altyd relatief min wees aan die buitekant terwyl die oorspronklike rasse aan hul binnekant sterk en suiwer bly.

'n Rasgemengde individu sal nie maklik binne 'n oorspronklike ras aanvaar word nie. Dit is 'n natuurlike, ingeskape meganisme vir die beskerming van rassuiwerheid, wat niks met reëls, wette, hoogmoed of haat te doen het nie. So 'n persoon sal veel eerder binne sy eie gemengde ras aanvaar word, daar tuis voel en daar voortplant.

Op hierdie manier behou elke ras vanself sy identiteit en suiwerheid, sonder dat dit kunsmatig gereguleer hoef te word. Maar wanneer met die proses ingemeng word, soos nou deur die nuwe wêreldorde-aktiviste, veroorsaak dit dit verwarring, frustrasie, teenkanting, konflik, geweld, misdaad en algemene agteruitgang (en die lysie is nog baie langer...).

Die antwoord op die vraag van watter ras enige gegewe persoon is, is dan voor die hand liggend: as hy hom binne 'n sekere ras sien en hy word volledig in daardie gemeenskap aanvaar, dan is hy van daardie ras. Hierdie natuurlike manier van 'rasseklassifikasie' is betroubaar en volhoubaar, en voldoen aan alle vereistes van menswaardigheid, vreedsaamheid, vryheid, regverdigheid, en Bybelse beginsels. Dit laat geen spoor van verwarring oor wie wat is nie, en werk op sy beste wanneer dit toegelaat word om sy natuurlike gang te gaan.

Afsonderlikheid tussen volke is en bly 'n vaste patroon wat deur God bepaal is. Dit gaan dikwels met praktiese uitdagings gepaard, byvoorbeeld waar verskillende volke hul saam in een geografiese gebied bevind. Selfs in sulke gevalle is kulturele, taal-, en politieke afsonderlikheid vir elkeen nog moontlik, indien dit gerespekteer en ondersteun word.

## SLOT

Daar is baie lewensvrae waarop die mens nie al die antwoorde het nie, want ons ken in hierdie lewe net ten dele (1Kor 13:10-12). Die rassevraagstuk is een daarvan. Daarom sal verhoudinge tussen rasse ook altyd 'n uitdaging wees, maar nie bo ons vermoë nie, mits ons bereid is om dit in gehoorsaamheid aan die Bybel se beginsels en riglyne te hanteer. Maar dit vereis geloof en dapperheid, want die wêreld haat dit wat reg is en vervolg dié wat God se woord bewaar (Joh 15:18-27, 1Joh 3:11-14). Rasseverhoudinge is onder groot druk vanweë die eindtydtoestande waarin die wêreld nou is, met die owerhede en heersers van die duisternis wat nog in beheer is (Ef 6:12). Ons moenie aan hulle toegee uit vrees of onsekerheid nie, maar vashou aan ons reg op rassuiwerheid en volksidentiteit.

Dit is ons dure plig om onsself te bewaar soos ons deur God geskape is, want ons wil ons Verlosser Jesus Christus met vrymoedigheid tegemoet gaan by sy terugkoms na sy vrygekooptes (Op 5:9-10). As ons hierdie stryd in die Gees voer en die vrug van die Gees onder moeilike omstandighede dra (Gal 5:22) kan ons verseker wees van sy helpende en beskermende hand wanneer ons dit nodig het. Christenskap mag nie gepaard gaan met toegewings aan ongeregtigheid en onwaarheid in die naam van liefde nie - dit is 'n vals liefde wat die wêreld behaag en vervolging wil ontvlug. Ware Christenskap is 'n vaste oortuiging van, en blydskap saam met die waarheid (1Kor 13:6).